

HOOFSTUK 4

METODOLOGIE

4.1 Die doel van die studie

In die literatuurstudie (hoofstuk 2) oor psigiese uitbranding bestaan daar eensgesindheid by outeurs dat daar opnuut na die verskynsel van psigiese uitbranding gekyk moet word. Die huidige inligting wat bestaan is verwarrend, oorinsluitend en toon 'n gebrek aan integrasie en teoretiese onderbou. Die verband tussen al die faktore wat deel van dié verskynsel vorm, moet ook ontgin word.

Die studie fokus daarop om psigiese uitbranding na te vors en wel by sielkundiges in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie. Hierdie verskynsel is nog nooit voorheen by dié populاسie in die organisasie ondersoek nie.

Die algemene doel van die studie is 'n eksploratiewe ondersoek wat na die verskynsel van psigiese uitbranding en die manifestasie daarvan by sielkundiges in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie kyk. Die eksploratiewe posisie is op 'n groeapanalitiese teoretiese raamwerk gebaseer.

Die spesifieke doel van die studie is om:

- die verskynsel van psigiese uitbranding soos dit deur individuele sielkundiges in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie ervaar word, te beskryf.
- die kompleksiteit en multidimensionaliteit van psigiese uitbranding by sielkundiges in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie te verstaan en te beskryf.

Groepanalise word as teoretiese raamwerk en metode gebruik om:

- 'n indiepte begrip van psigiese uitbranding as verskynsel te verkry en vas te stel hoe dit by sielkundiges in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie diens manifesteer.

4.2 Die rasionaal van die navorsingsontwerp

Groepanalise word as navorsingsontwerp gebruik om die kompleksiteit, wederkerigheid en multidimensionaliteit van psigiese uitbranding weer te gee. Die sentrale uitgangspunt van die groepanalitiese perspektief is dat groepslidmaatskap 'n normale deel van individuele ontwikkeling is en dat daar 'n voortdurende wisselwerking tussen individuele en groepsontwikkeling is.

Die groep is 'n forum waardeur die lede se ervarings en verlede verteenwoordig word. Die kleingroep verbind die individu met die samelewing en die kulturele omgewing en individuele konstellasië word heraktiveer. Groepslidmaatskap aktiveer dus 'n proses wat die totale spektrum van groepservarings, wat tweevoudige ("dyad"), gesins-, familie- en kulturele konstellasië insluit, na vore bring.

Die rasionaal van die groepanalitiese perspektief is dat die fasilitering van die groepsproses op so 'n wyse plaasvind dat die groep na 'n kultuur van analise gebring word. Alle materiaal wat na die groep gebring word, word geanaliseer. Die groepsmatraks is die basis waarop alle verhoudings en interaksies in die groep berus en beweeg vanaf inhoud na proses. Vrae en antwoorde lê dus in die groepsprosesse opgesluit.

Groepanalise het inherent 'n eksploratiewe fokus en vrye assosiasies en spontaneïteit is 'n belangrike element van die groep. 'n Gemaklike kommunikasievloei word beklemtoon en groepslede word aangemoedig om verby verdedigingspatrone te beweeg.

Asbach en Schermer (1987:6) integreer die individuele en groepsverskynsels verder en gebruik objekverhoudings, ego-sielkunde en die self-sielkunderaamwerk om individuele ontwikkeling, groepsontwikkeling en groepslidmaatskap met mekaar te verbind.

Asbach en Schermer (1987:7) meen dat die kind (en ook die volwasse individu) sy innerlike lewe en interaksie met die omgewing in die groep voortsit en sodoende 'n konseptuele model vorm vir 'n proses waarin die groep 'n entiteit met kohesie, gedefinieerde grense en kwessies van mag, take en intimiteit wat hanteer moet word, vorm. Die groep is 'n belangrike en integrale deel van die individuele ontwikkeling, omdat die self deur middel van spieëling ("*mirroring*") in die groep ontwikkel. Die groep is ook waar betekenisvolle ander manifesteer en is noodsaaklik vir individuele integrasie en heelheid ("*wholeness*"). Individuele egogrense kry in die groep beslag. Dit is dus 'n komplimentêre verhouding waar innerlike realiteit groepsidentiteit word en andersom. Die individu se eerste groepslidmaatskap is sy gesin en alle groepservarings hierna verwys na dié eerste lidmaatskap, byvoorbeeld groepe in werkskonteks, terapeutiese groepe en werkwinkels.

Bion (in Asbach en Schermer: 1987:6) sê die model van groepe is die verhouding van die kind met die moederbors. Groepslidmaatskap heraktiveer hulpeloosheid, skeiding, verlies, 'n neiging tot fragmentasie, oorweldigende impulse en die primitiewe behoeftes in die eerste paar maande van die kind se lewe. Asbach en Schermer (1987:6) som die rasionaal van hulle geïntegreerde groeepanalitiese model soos volg op:

- (i) Die groep neem die kwaliteite van die moederfiguur aan en beweeg van ongedifferensieerdheid na deel-objek na objekkonstantheid en die werksgroep.
- (ii) Die groep regresseer na verskeie vlakke van ontwikkeling (ook vroeër vlakke van ontwikkeling). Dit is die gevolg van die groep se posisie en intervensies en die sosiale kragte wat differensiasie en strukturering beïnvloed.

- (iii) Angs en verdedigings wat eie aan vroeë ontwikkeling is, ontstaan in groepe en word as eiendom van die groep sowel as 'n manifestasie van individuele ontwikkeling en eienskappe beskou. Individuele en groepsfunksionering is dus hier in wisselwerking. Angs en verdedigings wissel vanaf primitief tot meer volwasse.
- (iv) Veranderings in die groepstruktuur reflekteer veranderings in affek, egogrense en objekverhoudings van groepslede.
- (v) Groepsfantasieë, -mites en -rituele is gelyktydige maniere hoe lede teen primitiewe angs verdedig.
- (vi) Die groepleier of terapeut is blootgestel aan teenoordragaspekte wat uit groepskwessies, asook individuele oordragte, bestaan. Projektiewe identifikasie in die leier en die strewe na skeiding en individualisasie is teenwoordig.

Lo Verso (1996:481) sê dat 'n intrinsieke eienskap van die analitiese groep is dat dit die plek is waar onderskeid, identifikasie en differensiasie plaasvind. Die ander bestaan nie net uit die groepleier of terapeut nie, maar uit elke ander groepslid wat van mekaar verskil, maar wel in verhouding staan deur middel van kommunikasie. Die verhouding van die self en die ander en die eksplorاسie van verskille en gemeenskaplikhede kry in die groep beslag.

Lo Verso (1996:477) sê verder dat: *“Going beyond the traditional definitions of ‘set’ and ‘setting’ we consider ‘setting’ to be the factors on which clinical work is based and the conceptual model the therapist employs, and ‘set’ as the different areas of practice (for example, the family, the therapeutic group, the training group). From this point of view, therefore, group analysis is a ‘set’ as well as a ‘setting’”.*

“Considering group analysis as both ‘setting’ and ‘set’ gives an epistemological advantage, because we don’t have to separate conceptually

analytic work in different contexts (for example, dual family, group and organizational institutional) each with its own epistemology, metapsychology and so on. If we consider group analysis as a setting which applies in different contexts, then we should not limit group analytic 'discoveries' (regarding relationships, the unconscious mental field, family representations, the relationship of self and other, the transpersonal and group phenomena) to only one method of practice."

Lo Verso (1996:477) meen dat groeepanalise as metodologie en teoretiese raamwerk gebruik kan word om aspekte wat buite 'n tradisioneel terapeutiese konteks gesetel is, na te vors. Hy noem die analitiese groep 'n laboratorium vir kliniese sielkunde ... *"allowing the observation of aspects of the human mind and human relationships that are difficult to see so clearly in other contexts especially those concerning the relationship of self and other."*

Die kleingroep wat uit ses tot twaalf lede bestaan, kan dus as medium dien om navorsing in ander kontekste te doen en toegang tot inhoude en prosesse, maar ook inligting en materiaal, te verkry. Dit kan in die vorm van 'n werkwinkel plaasvind soos deur Brown (1987) en Le Roy (1995) beskryf.

4.3 Beskrywing van die navorsingsontwerp

4.3.1 'n Groeepanalitiese werkwinkel

Die kleingroep is as basis vir 'n groeepanalitiese werkwinkel gebruik. Geregistreerde sielkundiges (enige registrasiekategorie) wat landswyd in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie is, is deur middel van 'n geskrewe uitnodiging genooi om deel te neem aan die groeepanalitiese werkwinkel (sien bylaag). Die subjekte het vrywillig hulself genomineer en het tot die groeps werkwinkel toegetree sonder enige voorafmeting of kriteriabepaling. Die subjekte wat dus deur die onderwerp aangetrek en geprikkel is, het ongeag enige bepaalde eienskappe deelgeneem.

Dit het oor 'n tydperk van twee dae gestrek. Daar was ses sessies van een en 'n half uur elk. Die werkwinkel is deur 'n kundige groeapanalis en 'n ervare fasiliteerder en groepsterapeut met geen verbintenis met die Suid-Afrikaanse Polisie diens nie, gelei. Die werkwinkel is volgens die groeapanalitiese perspektief gestruktureer en daar is aan die einde van die werkwinkel 'n tydperk vir navorsingsonderhoude geskeduleer wat as die ondersoeksituasie bekend staan. Die navorsingsonderhoude in die ondersoeksituasie is deur die navorser gevoer. 'n Totaal van nege subjekte het deelgeneem en oor die volgende eienskappe beskik:

*Subjekte	Registrasiekategorie	Geslag	Ouderdom	Dienstydperk
Subjek A	Kliniese Sielkundige	Vroulik	27 jr	2 jr 3 mde
Subjek B	Bedryfsielkundige Intern	Manlik	32 jr	10 jr 4 mde
Subjek C	Kliniese Sielkundige Intern	Manlik	33 jr	7 jr 1 md
Subjek D	Kliniese Sielkundige	Vroulik	33 jr	1 jr 3 mde
Subjek E	Voorligtingsielkundige	Vroulik	30 jr	5 jr 2 mde
Subjek F	Voorligtingsielkundige	Vroulik	26 jr	1 jr 3 mde
Subjek G	Bedryfsielkundige	Vroulik	32 jr	6 jr 4 mde
Subjek H	Bedryfsielkundige	Manlik	33 jr	7 jr 3 mde
Subjek I	Kliniese Sielkundige	Vroulik	27 jr	1 jr 3 mde

Tabel 4.1 **Die subjekte het landswyd by Sielkundige Dienste Suid-Afrikaanse Polisie diens met 'n verspreiding tussen stedelike en landelike gebiede diens verrig. Die subjekte is verteenwoordigend van verskillende streke waar 'n verskeidenheid van stressore en werkseise bestaan.*

Daar is reeds in die vorige hoofstukke op die tekortkominge van die tradisionele en bestaande navorsing en die metodologiese probleme gewys. Meting (wat simptomebepaling insluit) is as onvoldoende om die verskynsel van psigiese uitbranding genoeg te belig, uitgewys. 'n Alternatiewe datagenererende situasie moes dus geskep word.

Daar is gevolglik gepoog om die verskeidenheid van subjekte so wyd as moontlik te maak sonder enige voorafinmenging deur die navorser. Die

omvattenheid en sorgvuldigheid waarmee die ontledingsfase uitgevoer word (soos beskryf in 4.3.4), maak dit feitlik onmoontlik om met 'n groter aantal subjekte te werk as wat ingesluit is. Dit sluit ook aan by die konsep van die kleingroep as navorsingsmetode. Die navorser gaan van die standpunt uit dat die ervarings in die groeepanalitiese werkwinkel die verskynsel van psigiese uitbranding kan belig.

'n Ondersoeksituasie is aan die einde van die tweedaagse groeepanalitiese werkwinkel geskep waar gepoog is om soveel as moontlik kennis en inligting rondom die verskynsel van psigiese uitbranding by sielkundiges in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie te verkry. Dit het direk na die afloop van die werkwinkel gevolg.

Al die subjekte was gelyktydig deel van die ondersoeksituasie en dit het in groepsverband plaasgevind. Die navorser was nie deel van die groepswerkwinkel nie en die groepleier of terapeut nie van die ondersoeksituasie nie. Daar is 'n duidelike onderskeid tussen die groepswerkwinkel en die ondersoeksituasie gemaak. Die subjekte is in die uitnodiging reeds meegedeel dat die werkwinkel deel van 'n navorsingstudie is en is tydens die inleiding van die struktuur meegedeel wat die ondersoeksituasie aan die einde sou insluit.

Die subjekte moes na die ondersoeksituasie uitgenooi word en die navorsingsvrae so geformuleer word dat beskrywende en ervaringskomponente ingesluit is. Daar is gevolglik op 'n fenomenologiese benadering tot die ondersoeksituasie en data-analise besluit. Hierdie benadering berus op sekere goed deurgronde aannames oor ervaring en die beskrywing en betekenis daarvan. Dit beteken dat die ervarings soos wat dit bestaan, ondersoek moet word, sonder dat daar sekere voorveronderstellings daarvoor gemaak word. *"By phenomenology is meant the study of the phenomena as they are experienced and lived by man"* (Giorgi: 1970:79).

Hierdie benadering het uit die fenomenologiese filosofie ontwikkel, maar word spesifiek in sielkundevorsing aangepas. 'n Eksploratiewe ingesteldheid is onder andere deel van die benadering se uitgangspunt.

Giorgi (1985b:26) verduidelik as volg: *“To be phenomenological in general means to return to the phenomena themselves, to obtain a description of those phenomena, to submit them to imaginative variation, and then obtain an edetic intuition of their structures. For phenomenological psychology, however, the difference is that phenomena are selected for their relevance to psychology.”*

Die rasionaal van die fenomenologiese metode word vervolgens bespreek.

4.3.2 Rasionaal van die fenomenologiese perspektief

Die fenomenologiese navorsingsperspektief se rasionaal is om die betekenis van menslike ervarings soos dit spontaan in die daaglikse lewensituasie te voorskyn kom, te bestudeer. Die klem val op die beskrywing en bestudering van geleefde ervarings.

Die fenomenologiese ingesteldheid impliseer dat beskrywings nie in terme van wat ons reeds weet of aanneem ons weet, plaasvind nie. Die beskrywing vind plaas presies van wat bekendgemaak word. Edmund Husserl se pleidooi *“Back to the things themselves”* kan as die oorkoepelende doel van fenomenologie beskou word (Van Eckartsberg: 1986:5).

Definisies van die begrip ‘fenomenologie’ wissel van eenvoudige stellings tot lang en uitgebreide kompleksiteite. Merleau-Ponty (1945/1962:xix) sê dat fenomenologie die studie van essensies, byvoorbeeld die essensie van persepsie of die essensie van bewussyn is. Van der Berg (1972:3) stel fenomenologie voor as die konkrete beskrywing van realiteit en die beskrywing van dit wat daar gebeur.

Thévenaz (1962:7) gee 'n meer omvattende omskrywing van fenomenologie. Fenomenologie kan nóg as wetenskap van objekte nóg as wetenskap van die subjek beskou word. Dit is eerder 'n wetenskap van belewenis waarin daar nie uitsluitlik op óf die objek van belewenis óf die subjek van belewenis gefokus word nie. Fenomenologie is dus 'n studie van intensionele bewussyn wat op objekte gerig is en in 'n intensioneel-gekonstitueerde wêreld geleef word. Die subjek en objek word in verband met mekaar op elke belewenisvlak (byvoorbeeld persepsie, verbeelding en denke) bestudeer. So 'n studie is transendenteel aangesien dit poog om die strukture van bewussyn as bewussyn of belewenis as belewenis, bloot te lê. Samevattend kan fenomenologie gedefinieer word as die konkrete beskrywing van die mens en sy belewenis van die dinge wat in sy wêreld is.

4.3.2.1 Doel van fenomenologie

Valle en Halling (1988:13) beskou die doel van eksistensiële fenomenologiese sielkunde as die openbaarmaking van die struktuur van belewenis deur middel van beskrywende tegnieke. Die vraag 'wat' in plaas van 'hoekom' word gevra in 'n poging om die fenomeen of verskynsel soos dit waargeneem en ervaar word, te beskryf. Deur die proses van beskrywing van die prereflektiewe lewenswêreld word laasgenoemde na die reflektiewe bewussyn gebring waar dit as sielkundige betekenis manifesteer. Beskrywing vind plaas deur middel van gedissiplineerde refleksie. Giorgi (1983:129) se siening dat die fenomeen beskryf moet word presies soos dit aan die bewussyn verskyn, sluit hierby aan.

4.3.2.2 Fenomene

Thévenaz (1962:43) omskryf 'n fenomeen as "*...that which manifests itself immediately in consciousness; it is grasped in an intuition that proceeds any reflection or judgement*". Hy beskryf verder dat die fenomeen bloot toegelaat moet word om homself te openbaar.

Giorgi (1970:85) gee 'n meer uitgebreide beskrywing en sê dat kennis in die verskyning van fenomene geleë is en nie bloot agter hulle nie. Die waarheid lê in die juiste beskrywing van die fenomeen as openbaring sowel as verberging ("*reveal*" en "*conceal*"). Dit is moontlik om die fenomeen op so 'n wyse te ontbloot dat dit wat versteek is, nou openbaar word. Hierdie openbaring is slegs moontlik as gevolg van die verskynsel. Hier word na die konkrete verskyning van die fenomeen verwys, maar dit kan ook in die persoon se verbeeldingswêreld bestaan.

4.3.2.3 Kenmerke van die fenomenologiese metode

Merleau-Ponty (1962) in Van Vuuren (1985:199-203) noem dat die fenomenologie die volgende kenmerke het:

- (i) Dit is beskrywend

Beskrywing is nie dieselfde as verklaring of filosofiese analise nie. Dit beteken 'n wegbeweeg van verklaring af en die ondersoeker poog om die fenomeen so akkuraat as moontlik te beskryf en nie te verklaar nie. 'n Verskuiwing na die 'wat' eerder as die 'hoekom' vind plaas.

- (ii) Reduksie

Die fenomenoloog skuif sy teoretiese voorkeure en afkeure op die agtergrond en hoe en wat 'n fenomeen aanbied, word beskryf voordat daar gepoog word om te sê wat die fenomeen is.

- (iii) Die soeke na essensies

In die soeke na essensies van die beskrywings wat subjekte se pre-reflektiewe leefwêreld openbaar, poog die fenomenologie om die essensie van hierdie beleefde ervaring sigbaar te maak. Hierdie essensie is die betekenis wat noodwendig tot die fenomeen behoort en waarin dit van ander fenomene onderskei word.

(iv) Intensionaliteit

Dié kenmerk van fenomenologie wys daarop dat bewustheid intensioneel is en die mens se bewustheid intensioneel is en in wese op 'n wêreld van opkomende betekenis gerig is. Die bewuste word vanuit die fenomenologiese siening as intensioneel beskou – dit is altyd wêreldgeöriënteer en altyd op iets of iemand gerig.

(v) Beskrywing

Giorgi (1975a:84) sê dat beskrywing 'n sentrale konsep in fenomenologiese navorsing is. Die navorser probeer om getrou aan die feite soos wat dit gebeur en ervaar het, te bly. Die belang van die subjek se *“lived sense of the phenomena”* is van belang aangesien dit die betekenis is wat in die fenomenologiese benadering gesoek word. Dit beteken dat die minimumvereiste vir die ondersoek van 'n verskynsel is dat iemand daarvan bewus is.

Giorgi (1975b:74) stel dit so: *“The task of the researcher is to let the world of the describer or, more concretely, the situation as it exists for the subject, reveal itself through the description in an inbiased way.”*

Die fenomenologiese sielkundige metode bied dus aan die navorser die geleentheid om na die verskynsel te kyk sonder om dit te verskraal en los te maak van die menslike leefwêreld. Omdat die leefwêreld so toeganklik is, kan gepoog word om die verskynsel in sy rykheid en volheid te verstaan. Dit word gedoen eerder as om verklarings en verduidelikings verby of agter die verskynsel te soek. Prioriteite word aan die navorsing van die verskynsel soos dit homself voordoen, verleen. Die onmiddellike ervaring van die subjek wat dit beleef en ervaar, is die belangrikste fokus. Die ondersoeker bly getrou aan die feite en 'n beoordeling word nie gemaak voordat die feite hulself ten volle openbaar het nie. Dit is 'n ondersoek waar die subjek oorreed word om homself in alle fasette en kompleksiteit aan die navorser te openbaar. Dit is

dus 'n poging om in gesprek met die wêreld te tree en op so 'n wyse die subjek se gesprek met die wêreld te verstaan (Kruger: 1988:141-143).

Geen hipoteses word dus gestel nie aangesien dit 'n rigtinggewende element is. Kwalitatiewe navorsing fokus eerder op die beskrywing van verkreeë inligting as die aanvaarding of verwerping van hipoteses. Konstruke en konsepte word ontleed om sodoende tot verdieping van begrip oor 'n bepaalde verskynsel te kom. Die verskynsel moet self spreek, homself openbaar soos dit is en die navorser is betrokke in en by die verskynsel.

Objektiwiteit word uit 'n fenomenologiese oogpunt anders opgeneem. Colaizzi (1978:52) verduidelik dit as volg: *"When someone is said to be objective, it means that his statements faithfully express what stands before him, whatever may be the phenomenon that he is presented to: objectivity is fidelity to phenomena. It is refusal to tell the phenomena what it is, but a respectful listening to what the phenomenon speaks of itself."*

4.3.2.4 Die basiese ingesteldheid van die navorser

Wertz (1985:204) sê dat die basiese ingesteldheid waarmee die navorser die verskynsel benader, essensieel vir die uiteindelijke analise is. In sy uiteensetting van die rasionaal van die fenomenologiese metode, beskryf hy die volgende vyf aspekte:

(i) Empatiese toetrede tot die wêreld van die verskynsel

Die navorser gebruik die beskrywing as 'n punt van toetrede waardeur hy die subjek se belewing van die situasies sy eie maak. Hy kan nie 'n toeskouer wees nie, maar moet die subjek se beskrywings en ervarings in volle detail en in alle diepte ervaar om getrou aan die beskrywing te bly.

(ii) Langsame bepeinsing

Die navorser mag nie oor die detail van die beskrywing gaan asof hy dit reeds verstaan nie. Hy moet ruimte vir die verskynsel maak en dit tyd gun. Hy moet sloer, stilstaan, vertoef en wag dat dit sin maak.

(iii) Vergroting en uitbreiding van die situasie

Wanneer daar by iets gestop en vertoef word, word die belang daarvan vergroot of uitgebrei. Wat vir die subjek of naïewe leser na 'n onbenulligheid lyk, word 'n belangrike kwessie vir die navorser. Die navorser oortref die alledaagsheid van die subjek se situasie. Die klaarblyklike alledaagse feit kan vir die sielkundige baie vertel indien die betekenis daarvan uitgebrei word.

(iv) Opskorting van oortuigings en toepassing van intense belangstelling

Dit is 'n modifikasie op die natuurlike en naïewe empatie waarmee die navorser oorspronklik tot die situasie toetree het. Nadat die navorser voldoende by die beskrywing vertoef het, onttrek hy hom aan die dieper betekenis van die detail. Hy gee nou 'n tree terug en wonder waarom hierdie belewenis van die situasie presies gaan. Hy breek sy oorspronklike eenwees met die subjek en bring homself in gereedheid vir refleksie, om geïnteresseerd te dink oor waar sy subjek is, hoe hy daar gekom het, en wat dit beteken om daar te wees. Wanneer die navorser nie meer in die naïewe geloof van die subjek se wêreld geabsorbeer is nie, beoordeel hy nie die geloofwaardigheid van die ervaring nie, maar word geïnteresseerd in die spesifieke proses waaraan die subjek deelneem. Die navorser moet homself uit die subjek se onmiddellike ervaring uitlig om die verhoudings en die globale individuele struktuur te sien.

(vi) Die wegbeweeg van die objek na sy betekenis

Dit is nou verwant aan bogenoemde. Die sielkundige navorser bekommer hom nie oor die realiteit of onrealiteit van die objekte of stand van sake, soos wat die regstelsel daarin geïnteresseerd is nie. Hy skuif sy aandag weg van die feite na hul betekenis. Die navorser is geïnteresseerd in hoe die situasie vir die subjek voorkom, die betekenis van die objekte en gebeure vir hom, en die deelname hiervan tot die situasie. Dit bring die navorser na die situasie soos dit beleef word, of meer algemeen, soos deur die subjek bedoel word.

4.3.3 Beskrywing van die ondersoeksituasie

4.3.3.1 Die navorsingsvraag

Colaizzi (1978:62) sê dat die metode getrou aan menslike ervarings soos dit beleef word, moet bly. Dit is van kardinale belang in die fenomenologiese navorsing dat elke sielkundige fenomeen, in samehang met die doelstellings van die navorsing, 'n spesifieke beskrywende metode volg. Daar bestaan dus nie 'dié' fenomenologies-sielkundige metode nie, maar "n' fenomenologies-sielkundige metode. Wertz (1983:185) stel dit as 'n inherente deel van die navorsingsbenadering om nie 'n enkele metode aan te hang nie, maar die metode deur die fenomeen te laat lei. Hierdie buigbaarheid stel die navorser in staat om die metode in die ondersoeksituasie by die fenomeen aan te pas op 'n wyse wat die fenomeen gestand doen.

Dit bring die navorser dus by die formulering van navorsingsvrae. Van Eckartsberg (1986:79) maak die volgende onderskeid in die formulering van vrae:

(i) Die datagenerende vrae

Dit is die vraag wat aan subjekte gevra word en rig die fokus van die ondersoek aangesien dit 'n beskrywing oor 'n spesifieke aspek vra. Die fenomeen word afgebaken en 'n beskrywing word verkry.

(ii) Die eksplisitering-riktende vrae

Dit verwys na die reeks vrae wat die navorser gebruik om die data mee aan te spreek en wat die reflekerende beoordeling/ondervraging van die data rig, met ander woorde die eksplisitering.

Aannames oor die fenomeen wat bestudeer word, wat Van Vuuren (1985:199) tussen hakies noem, word geplaas om sodoende die fenomeen soos wat dit na vore kom en wat dit ervaar word, te beskryf. *"This explication brings out implicit meanings by means of systematic reflection. Reflection is the return in consciousness to scrutinize a particular event via its record in memory or as a life text. As we reflect, we are guided by questions like: 'In what way is this description revelatory of the phenomenon I am interested in?'"* (Van Eckartsberg: 1986:27-28).

Die doel van die ondersoek is sentraal in die opstel van die navorsingsvrae, naamlik dat dit 'n eksploratiewe studie van psigiese uitbranding is waar die navorser graag inligting en kennis van die verskynsel self wil hê. Dit moet sentreer rondom die individuele sielkundige se ervaring daarvan in die lewenswêreld, maar ook van die inligting wat duideliker vir die subjek geword het na aanleiding van die groepswerkwinkel en die groepservaring oor die fenomeen. Die fokus is nie op die groepstruktuur en verloop van die groepsituasie nie. Daar is besluit om 'n individuele skriftelike beskrywing en 'n groepsonderhoud as metodes te gebruik. Die navorser was uitermatig daarop bedag dat hy homself vir die fenomeen moes oopstel en dat sy eie oortuigings en menings minimaal moes inmeng.

Die individueel-skriftelike beskrywing is slegs deur een vraag ingelei:

“Hierdie is ‘n geleentheid tot reflektoring oor die pas voltooide werkwinkel. Gee asseblief ‘n persoonlike beskrywing van jou ervaring in die werkwinkel.”

Subjekte het direk na afloop van die werkwinkel die geleentheid gekry om die beskrywings skriftelik te voltooi.

Die onderhoud is as metode gekies omdat dit die navorser in staat stel om in dialoog met die subjek en sy belewenis van die fenomeen te tree. Die navorser het die onderhoud in groepsverband gevoer (soos die groepswerkwinkel plaasgevind het), primêr om die groepsproses, groepskohesie en rykheid van die dinamika te gebruik om die respondering oor die fenomeen verder te artikuleer.

Die subjekte is in kennis gestel dat die onderhoude op videoband geneem sou word. Subjekte is meegedeel dat die groepswerkwinkel voltooi is en dat die ondersoeksituasie ‘n aanvang neem.

Die groepsonderhoud is met die volgende vraag ingelei:

“Hoe het die groepservaring tot die verstaan en begrip van psigiese uitbranding by die sielkundiges van die Suid-Afrikaanse Polisie diens bygedra?”

Tydens die groepsonderhoud was die navorser deurgaans nie-direktief en daar is gewaak teen enige interpreterende opmerkings. Die groepslede het spontaan deelgeneem aangesien die vertrouwe en kohesie in die groep na voltooiing van die werkwinkel goed was en subjekte spontaan en gemaklik tot die beskrywing toegetree het.

Die navorser het daarop gelet dat alle subjekte deelneem deur wanneer dit toepaslik was, die “stiller” subjek op ‘n nie-direktiewe wyse te vra wat sy of haar mening was van die aspek wat bespreek is.

Daar is wel spesifieke vrae wat inligting oor die volgende aspekte insluit, geformuleer. Dit is spesifiek op grond van die literatuurstudie gedoen om aan die navorser ‘n sekere mate van struktuur te verskaf indien dit nodig sou wees, asook inligting in te samel. Daar is deurgaans nougeset op belewenis gekonsentreer.

- Wat is psigiese uitbranding na aanleiding van die groepservarings?
- Hoe het die groepservaring gehelp om u te leer hoe om psigiese uitbranding te verhoed of teë te werk?

Inligting wat deur middel van die subjekte se response verkry is, is deur die navorser op ‘n nie-direktiewe, eksploratiewe wyse gebruik om verdere inligting en response te fasiliteer. Die onderhoud is op videoband geneem en oorgeskryf sonder enige verandering aan die oorspronklike teks.

Na afloop van die navorsing is daar dus twee stelle beskrywings verkry. Nadat beide stelle getranskribeer is, is gevind dat die individuele skriftelike beskrywings se inligting in al nege subjekte se geval ook in die onderhoudsituasie voorkom. Daar is gevolglik besluit om slegs die groepsonderhoude aan die ontledingsfase te onderwerp.

4.3.4 Die ontledingsfase

Tydens die besinning oor die ontleding van die data het die navorser hom deur Van Eckartsberg (1986:23) se stelling wat as basis vir empiriese eksistensiële fenomenologiese studies dien, laat lei. *“The aim is to reveal the essential general meaning structure of a given phenomenon in answer to the implicit research question: What is it, essentially?”*

Valle en Halling (1988:14) beskryf struktuur verder as hulle sê: *“The structure of a phenomenon is, then, the commonality running through the phenomenon.”*

Dié skrywers gaan verder as hulle sê: *“The finding of phenomenological research is a description of the essential structure of the experience being investigated. The essential structure is made up of the elements or the constituents that are necessary for an experience to present itself as what it is”* (Valle en Halling: 1988:51).

Dit is weer eens vir die navorser noodsaaklik om in die beskrywing van die ontledingsfase, net soos met die navorsingsvraag, in ag te neem dat daar nie 'n enkele korrekte fenomenologiese metodologie bestaan nie. Giorgi (1971:11) soos aangehaal deur Kruger (1988:150) sê: *“It is phenomenologically unsound to establish a method that must be used that is prior and independent of the phenomenon to be investigated. The problem of methodology cannot be considered in isolation, but only within the context of the phenomenon to be investigated and the problem aspect of the phenomenon.”*

Kruger (1988:150) stel dan 'n navorsingsmetode voor wat as 'n riglyn vir die ontwikkeling van 'n meer spesifieke metode in verhouding tot die spesifieke verskynsel, dien. Valle en Halling (1988:51) sê dat die beweging vanaf 'n versameling protokolle na 'n akkurate, duidelike en inligtinggewende beskrywing, 'n komplekse en moeilike proses is. 'n Groot aantal protokolle of 'n versameling protokolle kan nie gelyktydig geanaliseer word nie en dit moet in hanteerbare eenhede opgebreek word en 'n proses van opeenvolgende stappe moet gebruik word.

In die literatuur is daar tans 'n groot verskeidenheid fenomenologiese metodes wat as riglyne vir die ontwikkeling van 'n bepaalde metode in verhouding tot 'n spesifieke verskynsel kan dien. Die metode wat ontwikkel is, is deels op Giorgi (1985a:10-19), Kruger (1988:150-156) en Colaizzi (1978:58-62) gebaseer. Wat hierdie benaderings betekenisvol maak, is om

die individuele protokol-ontleding van Kruger (1988) en Giorgi (1985a) te kombineer met Colaizzi (1978) se samevoeging en reduksie in sentrale tematiese areas ("*clustering process*") en sy sig-sag ("*zig-zag*") prosedure wat heen en weer tussen temas beweeg totdat 'n akkurate refleksie verkry is. Die stappe in die verloop van die verwerking van data geskied soos volg:

- | |
|--|
| Stap 1 - Deurlees van die beskrywing ten einde 'n begrip van die geheel te kry |
| Stap 2 - Spontane uitlê van betekeniseenhede |
| Stap 3 - Beskrywing van sentrale temas |
| Stap 4 - Essensie van protokol |
| Stap 5 - Essensie van sentrale temas |
| Stap 6 - Uitgebreide sielkundige beskrywing van die fenomeen |

Die werkswyse tydens elkeen van die stappe word vervolgens toegelig:

1) Stap 1

Die beskrywing word soveel keer as wat nodig is gelees ten einde 'n begrip van die geheel te kry. Reeds by die eerste deurlees van die data word gepoog om vooropgestelde konsepte oor en veroordelings van die data uit te sluit. Nadat 'n holistiese begrip van die data verkry is, word dit met 'n meer reflekerende houding deurgelees ten einde die navorser op die daaropvolgende stappe voor te berei. Daar word deurgaans gepoog om die begrip vir die geheel te behou en getrou aan die inhoud daarvan te bly.

2) Stap 2

Die volgende stap is die opbreek van data in natuurlike betekeniseenhede wat spontaan vanuit die data na vore kom. Hierdie eenhede kan verklaar word as uitlatings of verklarings wat die subjek maak wat selfdefiniërend en selfbeperkend ten opsigte van 'n enkele aspek van die subjek se belewenis is. Die beskrywing word dus in betekeniseenhede verdeel op grond van die verandering in die strekking van die betekenis. Verandering in gevoel, aksie, mening, beweging en plek kan as aanduiding van 'n volgende betekeniseenheid beskou word.

Giorgi (1985a:11) skryf as volg daaroor:

“Whenever the researcher upon reading the text, becomes aware of a change of meaning of the situation for the subject, that appears to be psychologically sensitive.”

3) Stap 3

Hier word al die betekeniseenhede van elke protokol in sentrale temas gegroepeer. Dit word gedoen aan die hand van betekenis-intensie wat uit die data voortvloei en word in vierkante vorm, akkuraat, bondig en beskrywend uitgedruk.

4) Stap 4

In hierdie stap word 'n algemene beskrywing van die subjek se belewenis in 'n gereduseerde, getransformeerde vorm weergegee. Dit word die essensie van elke subjek se beskrywing genoem. Hier het die navorser gepoog om die data reeds vanaf stap 3 te transformeer. Die produk is soortgelyk aan wat Giorgi (1985a) betekeniseenhede in getransformeerde sielkundige terme noem.

5) Stap 5

Die navorsing het in groepsformaat plaasgevind en daar is nie vir elke subjek spesifieke gestruktureerde vrae gevra nie. Subjekte het dus spontaan nadat die navorser 'n vraag gevra het of direk na 'n ander subjek se respons, toegetree. Dit verryk die navorsingsmateriaal en bring mee dat die sentrale temas verder gegroeper en getransformeer moet word. Dit stel die navorser in staat om sodoende die essensie van die verskynsel bloot te lê.

6) Stap 6

Die laaste stap is die skryf van 'n uitgebreide beskrywing van die fenomeen. Dit stem ooreen met wat Kruger (1988) 'n uitgebreide sielkundige beskrywing noem.

HOOFSTUK 5

RESULTATE

In hierdie hoofstuk word die nege protokolle volgens die stappe soos in hoofstuk 4 uiteengesit, ontleed.

5.1 Die ontleding van Subjek A se protokol

5.1.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek A

BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
<p>V: Hoe maak dit 'n verskil dat dit 'n eksterne fasiliteerder is?</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Ek dink dat dit vir sielkundiges in die polisie "okay" is om hulp en ondersteuning te kry. 2. Want jy is nou die komponent/persoon wat altyd "okay" moet wees en die ander persoon/komponente kan hulle nie – "okay" vir jou kan wys en gee. Jy kan nie 'n af dag hê nie, soms hartseer wees nie. Jy kan nie soms jou deur toemaak en af voel en niemand wil sien nie. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. A ervaar haar eie behoefte aan bystand as belangrik genoeg om daaraan aandag te gee en daarvoor toeganklik te wees. 2. A ervaar dat sy haar laagtepunte en gepaardgaande gevoelens moet onderdruk en nooit van hulpgewing aan andere kan onttrek nie en deurlopend beskikbaar moet wees.
<p>V: Wat is die verbande tussen persoonlike ontwikkeling, gesin van oorsprong en psigiese uitbranding?</p>	



3. Die sisteem bring 'n klomp goed terug wat ek gedink het ek al voorheen as student deurgewerk het. Die sterk outoriteitsingesteldheid herinner my aan my pa. Hy het my nie toegelaat om 'n eie opinie te hê en self besluite te neem nie. Hy moes die finale sê hê, net soos in die polisie. En dit is vir my sleg.

V: Hoe dra stukkende dinge wat die sisteem in stand hou by tot uitbranding?

4. Dit is die eindelose stroom van werk wat inkom.
5. Iets anders is die rol wat die sielkundige en Sielkundige Dienste in die SAPD kry. Amper die gewete, die verantwoordelikheid vir. Dit voel vir my partykeer of ek vir 6,000 mense in Johannesburg se psigiese gesondheid verantwoordelik gehou word.
6. En uit die aard van wie ek is, vat ek dit. Ek neem te veel verantwoordelikheid. En dit maak

3. A meen dat die organisasie haar wil beheer en nie genoeg vertrou om outonoom te funksioneer nie. Dit herinner haar aan soortgelyke ervarings met manlike outoriteit in haar gesin van oorsprong.

4. A ervaar dat die organisasie 'n konstante hoë werkslading en eise waaraan voldoen moet word, veroorsaak.
5. A ervaar haar professionele rol as een wat 'n etiese posisie van beoordeling moet vervul en dat sy van alle SAPD personeel se psigiese gesondheid rekenskap moet gee.
6. A meen dat sy 'n risikofaktor vir psigiese uitbranding is aangesien haar persoonlikheid meebring dat



<p>my vatbaar vir psigiese uitbranding.</p> <p>V: Hoe dra die rolle, hoe die organisasie, individuele lede en jy jouself sien, by tot psigiese uitbranding?</p> <p>7. Ek ervaar en laat toe dat dit baie druk op my plaas. Jy is die “<i>fairy godmother</i>”. Die sielkundige moet alles doen, as die sielkundige hier is, gaan alles goed wees. So hier is jou pakkie, jy moet dit doen. Die sielkundige moet alles doen.</p> <p>8. En ek vat die verantwoordelikheid ook. Dit bring spanning om te presteer en jy moet baie dinge doen wat nie op jou terrein is nie.</p> <p>9. Ons word verantwoordelik gehou vir goed wat ons niks mee te doen gehad het nie. Ons moet pa staan vir die hele organisasie.</p> <p>V: Op watter vlak lê al hierdie verantwoordelikhede?</p> <p>10. Jy is self ook besig om langsaan ‘n “operasie” te doen, so jy weet</p>	<p>sy ‘n oordrewe pligsbesef het.</p> <p>7. A ervaar haar professionele posisie as ‘n deurlopende eksterne en eensydige verwagting van goeie en omvattende versorging.</p> <p>8. A neem verantwoordelikheid om aan verwagtings wat buite haar kundigheidsveld is, op ‘n buitengewone hoë standaard te voldoen.</p> <p>9. A ervaar haar professionele rol in die SAPD op so ‘n wyse dat sy volledig verantwoordelikheid vir aspekte wat buite haar beïnvloedingsfeer en beheer in die SAPD is, moet aanvaar.</p> <p>10. A meen dat sy nie oor genoeg tyd beskik om haar voldoende oor</p>
--	--



nie altyd wat daar aangaan nie. Jy kan so nou en dan loer, maar jy weet nie wat daardie persoon werklik doen nie.

personeel onder haar beheer se standaard van werksaamhede te vergewis nie.

V: Hoe het die groepservaring gehelp om te leer wat jy kan doen om psigiese uitbranding te verhoed of teë te werk?

11. Op 'n baie praktiese vlak gaan ek die geleentheid by die werk wat ek kry en geskep word, begin gebruik en ek gaan ook begin nee sê en af vat.

11. A meen dat sy meer beheer van haar werksituasie wil neem deur haar grense duideliker te stel en prioriteite te stel, asook werk te weier.

12. Hoofkantoor werk nie hard genoeg nie en het nie kontak met die dinge wat psigiese uitbranding veroorsaak nie.

12. A meen dat die beleving van psigiese uitbranding vir die institusionele outoriteit ontoeganklik is, aangesien hulle onbetrokke en verwyderd van gebeure in die onmiddellike werksomgewing is.

13. Ons sien geen dinge van Hoofkantoor om ons hande sterk te maak op Provinsiale en Areavlak nie. Ons moet dit self skep. Ons sien selfs geen beleid nie.

13. A ervaar 'n afwesigheid van enige tasbare ondersteuning of bestuurshulp van die institusionele outoriteit om haar werk uit te voer of dit te vergemaklik.

14. Ek voel baie keer baie woede en magteloosheid.

14. A ervaar gevoelens van onmag en woede in die werksomgewing.



<p>15. Ek betaal 'n prys as persoon en ek weet dat ek nie genoeg na myself as persoon kyk nie.</p>	<p>15. A meen dat sy in haar rol as sielkundige hoë persoonlike opofferings maak en dat sy haarself nie voldoende versorg nie.</p>
<p>16. Ek weet dat die afgelope tyd wat ek in die SAPD is, ek my emosies ignoreer. Ek sê, "Daar is nie nou tyd nie, jy moet fokus op die taak, jy kan dit nie nou voel nie, later."</p>	<p>16. A ervaar tans 'n gedrewendheid teenoor eise wat meebring dat sy onversorgend en gedistansieerd teenoor eie emosionele ervarings is.</p>
<p>17. Ek weet ek maak 'n fout, omdat dit in teenstelling is met my opleiding. Jy moet weet wat in jou aangaan, omdat dit jou interaksie met ander mense bepaal.</p>	<p>17. A se professionele beoordeling is dat haar gebrek aan selfeksploratie tot ingeperkte ervarings van andere bydra en dit vind neerslag in interpersoonlike verhoudings.</p>
<p>18. Ek voel in die Area partykeer soos 'n "container", dat ek in 'n vergadering sit en partykeer voel ek wil huil, en ek weet nie waar dit vandaan kom nie.</p>	<p>18. A voel in haar nabye werkskonteks soos 'n draer van ongedifferensieerde emosies wat haar oorweldig.</p>
<p>19. Ek voel uitgelewer en geboelie.</p>	<p>19. A voel verneder en nie in beheer nie en dat sy net aan die ontvangkant is waaruit sy nie kan ontsnap nie.</p>

5.1.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek A se protokol

Professionele rol is veeleisend en indringend

5. A ervaar haar professionele rol as een wat 'n etiese posisie van beoordeling moet vervul en dat sy van alle Suid-Afrikaanse Polisiepersoneel se psigiese gesondheid rekenskap moet gee.
7. A ervaar haar professionele posisie as 'n deurlopende eksterne en eensydige verwagting van goeie en omvattende versorging.
8. A neem verantwoordelikheid om aan eise wat buite haar kundigheidsveld is, op 'n buitengewone hoë standaard te voldoen.
9. A ervaar haar professionele rol in die Suid-Afrikaanse Polisiepersoneel op so 'n wyse dat sy volledig verantwoordelikheid vir aspekte wat buite haar beïnvloedingsfeer en beheer in die Suid-Afrikaanse Polisiepersoneel is, moet aanvaar.

Onvoldoende eie emosionele versorging en selfeksplorاسie

2. A ervaar dat sy haar laagtepunte en gepaardgaande gevoelens moet onderdruk en nooit van hulpgewing aan andere kan onttrek nie en deurlopend beskikbaar moet wees.
15. A meen dat sy in haar rol as sielkundige hoë persoonlike opofferings maak en dat sy haarself nie voldoende versorg nie.
16. A ervaar tans 'n gedrewendheid teenoor eise wat meebring dat sy onversorgend en gedistansieerd teenoor eie emosionele ervarings is.

17. A se professionele beoordeling is dat haar gebrek aan selfeksplorasië tot ingeperkte ervarings van andere bydra en dit vind neerslag in interpersoonlike verhoudings.

Gevoelens ten opsigte van die werksomgewing

14. A ervaar gevoelens van onmag en woede in die werksomgewing.
18. A voel in haar nabye werkskonteks soos 'n draer van ongedifferensieerde emosies wat haar oorweldig.
19. A voel verneder en nie in beheer nie en dat sy net aan die ontvangkant is waaruit sy nie kan ontsnap nie.

Hoë werkslading wat met tydsdruk gepaardgaan

4. A ervaar dat die organisasie 'n konstante hoë werkslading en eise waaraan voldoen moet word, veroorsaak.
10. A meen dat sy nie oor genoeg tyd beskik om haar van personeel onder haar se standaard van werksaamhede voldoende te vergewis nie.

Onvoldoende ondersteuning

13. A ervaar 'n afwesigheid van enige tasbare ondersteuning of bestuurshulp van die institusionele outoriteit om haar werk uit te voer of dit te vergemaklik.

Rol van primêre gesinsverhoudings en individuele ontwikkeling

3. A meen dat die organisasie haar wil beheer en nie genoeg vertrou om outonoom te funksioneer nie. Dit herinner haar aan

soortgelyke ervarings met manlike outoriteit in haar gesin van oorsprong.

Oordrewe pligsbesef

6. A meen dat sy 'n risikofaktor vir psigiese uitbranding is aangesien haar persoonlikheid meebring dat sy 'n oordrewe pligsbesef het.

Behoeftte aan eie versorging

1. A ervaar haar eie behoefte aan bystand as belangrik genoeg om daaraan aandag te gee en daarvoor toeganklik te wees.

Betrokkenheid by onmiddellike werksomgewing

12. A meen dat die beleving van psigiese uitbranding vir die institusionele outoriteit ontoeganklik is, aangesien hulle onbetrokke en verwyderd van gebeure in die onmiddellike werksomgewing is.

Beheer neem van werksituasie

11. A meen dat sy meer beheer van haar werksituasie wil neem deur haar grense duideliker te stel en prioriteite te stel, asook werk te weier.

5.1.3 Die essensie van Subjek A se protokol

Subjek A is 'n risikofaktor vir psigiese uitbranding omdat 'n oordrewe pligsbesef deel van haar persoonlike ingesteldheid is en sy verantwoordelikheid neem vir verwagtings wat buite haar eie kundigheidsveld is. Sy is gedrewe teenoor 'n konstante hoë werkslading en sy kan nooit van hulpgewing onttrek nie. Dit verg hoë persoonlike opofferinge en sy onderdruk

haar eie laagtepunte en distansieer haarself van haar emosionele ervarings. Sy versorg haarself gevolglik nie voldoende nie. Hierdie gebrek aan selfeksplorasië veroorsaak ingeperkte ervarings van andere. Sy wil beheer van haar werksituasië neem deur haar grense duideliker te stel, take te weier en prioriteite vir haar werk op te stel. Haar professionele rol vereis dat sy volledige verantwoordelikheid vir aspekte buite haar beïnvloedingsfeer en beheer moet aanvaar en ook goeie en omvattende versorging moet verskaf. Betrokkenheid by gebeure in die onmiddellike werksomgewing in die organisasie dra by tot die ervaring van psigiese uitbranding. Subjek A ervaar die organisasie as outoritêr en voorwaardelik. Sy het soortgelyke ervarings in haar gesin van oorsprong met manlike outoriteit gehad. Ooreenstemmende ervarings van beheerloosheid en uitlewering bestaan en dat sy nie genoegsaam vertrou word om outonoom te funksioneer nie. Daar is ook geen tasbare ondersteuning of bestuurshulp vanaf die institusionele outoriteit om haar werk uit te voer of te vergemaklik nie. Sy ervaar gevoelens van onmag, woede en vernedering in die werksomgewing en is 'n draer van oorweldigende ongedifferensieerde emosies.

5.2 Die ontleding van Subjek B se protokol

5.2.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek B	
BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
<p>V: Hoe maak dit 'n verskil dat dit 'n eksterne fasiliteerder is?</p> <p>1. Dit sê vir my dat die mense buite die SAPD nie kan ervaar wat ons ervaar nie.</p> <p>2. En omdat hy iemand anders is en buite staan, kan ons makliker</p>	<p>1. B meen dat die polisiekonteks eiesoortige ervarings meebring.</p> <p>2. B meen dat 'n onverbonde persoon die eksplorasië en</p>



nader aan ons eie uitbranding kom. Dit het dit makliker en toegankliker gemaak.

V: Hoe dra die stukkende dinge wat die sisteem in stand hou by tot psigiese uitbranding?

3. Dit is 'n hopelose stryd, want jy weet die sisteem is die oorsaak van die stukkende dinge waarmee ek werk en ek weet die sisteem hou dit in stand. Dit is 'n magtelose posisie, 'n hopeloosheid. Jy sien die "battle" wat jy veg, jy probeer die persoon help, maar die sisteem hou die probleem in stand.
4. Daar is geen "closure" nie. Die tipe probleem hou nie op nie, jy sien daagliks mense met dieselfde tipe probleem. Dit is eindeloos.
5. Net die kwessie en besef dat die ander mense in die sisteem nie besef hoe groot die verantwoordelikheid is nie. Dit is maklik om vir 'n verslag te vra of iemand sy wapen mag hou of nie, maar hy besef nie deur watter wroeging jy gaan om 'n besluit te neem nie.

bereikbaarheid van psigiese uitbranding vergemaklik.

3. B ervaar dat die hulpverleningsproses met groot inspanning gepaard gaan en dat die organisasiesisteem probleme in stand hou. Hy ervaar dat hy in 'n posisie sonder mag is.
4. B ervaar die probleme as oneindig en dat die aard daarvan nooit wissel nie. Hy ervaar nooit 'n gevoel van voltooiing nie.
5. B ervaar dat die professionele besluite en pligte in sy werksomgewing 'n groot verantwoordelikheid op hom plaas en swaar op sy gewete rus. Hy meen dat ander mense in die organisasie nie die aard en omvang hiervan begryp nie.



6. Die afgelope twee dae het ek besef dat psigiese uitbranding juis die ambivalensie is wat ek ervaar tussen wat ek self wil wees en wat die mense wil hê ek moet wees. Dit veroorsaak uitbranding.

7. Dit is 'n kwessie van dat ek "okay" wil wees met wat ek wil doen, en met myself en dit moet "fine" wees, selfs as die ouens dit nie "like" nie.

8. As jy persoonlike "issues" wil werk toe bring en dit sal jou help om te "cope", moet jy dit kan doen, maar hulle laat jou nie toe nie. Die onewewig wat ontstaan, is wat jou nie meer laat "cope" nie.

V: Wat is Sielkundige Dienste se rol? En hoe kan 'n ander rol psigiese uitbranding aanspreek?

9. Ek kan aan 'n spesifieke situasie dink waar ek 'n ou en sy vrou met huwelikshulp moes help. Ek het nie geweet wat om te doen nie. As ek konflik in 'n eenheid moet hanteer, dan weet ek wat om te doen. Maar ek is byvoorbeeld nie opgelei vir huwelikshulp nie, en dit bring spanning en konflik. Ek voel

6. B meen dat psigiese uitbranding se oorsprong in die tweestryd tussen eksterne en eie verwagtings oor die verkose en verlangde rol geleë is.

7. B het 'n behoefte dat hy gemaklik met eie optrede wil wees ongeag ander se goedkeuring.

8. B ervaar dat hy nie toegelaat word om sy persoonlike kwessies by die werk te bespreek nie. Hy meen dit sal hom help om meer opgewasse te voel.

9. B ervaar gevoelens van ontoereiktheid as hy pligte wat buite sy professionele kundigheidsveld is, moet verrig.



<p><i>"incompetent"</i> en weet nie wat om in sekere situasies te doen nie.</p> <p>V: Hoe het die groepservaring gehelp om te leer wat jy kan doen om psigiese uitbranding te verhoed of teë te werk?</p> <p>10. Ek het eers by 'n ander afdeling gewerk en toe ek in Sielkundige Dienste ingekom het, het ek klaar die houding gehad - ek werk nie oor vieruur nie, ek voel nie skuldig nie. Ek het dit nou maar aanvaar.</p> <p>11. Ek dink Hoofkantoor het totaal voeling verloor met wat op die Areas aangaan en hoe die mense moet <i>"battle"</i> om aan te gaan.</p>	<p>10. B werk nie langer ure as wat amptelik verwag word nie. Hy het dit reeds by 'n vorige afdeling in die SAPD begin doen en ervaar nie skuldgevoelens daarvoor nie.</p> <p>11. B meen dat daar 'n skeiding en 'n gebrek aan kontak tussen die institusionele outoriteit en sielkundiges se onmiddellike werksomgewing bestaan.</p>
--	---

5.2.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek B se protokol

Werk is nooit voltooi nie en is nie in staat om daarvan te onttrek nie

4. B ervaar die probleme as oneindig en dat die aard daarvan nooit wissel nie. Hy ervaar nooit 'n gevoel van voltooiing nie.

Professionele rol is veeleisend en indringend

5. B ervaar dat die professionele besluite en pligte in sy werksomgewing 'n groot verantwoordelikheid op hom plaas en

swaar op sy gewete rus. Hy meen dat ander mense in die organisasie nie die aard en omvang hiervan begryp nie.

Behoefte aan eie versorging

8. B ervaar dat hy nie toegelaat word om sy persoonlike kwessies by die werk te bespreek nie. Hy meen dit sal hom help om meer opgewasse te voel.

Eksterne fasiliteerder dra by tot eksplorاسie

2. B meen dat 'n onverbonde persoon die eksplorاسie en bereikbaarheid van psigiese uitbranding vergemaklik.

Verrig pligte buite professionele kundigheidsveld

9. B ervaar gevoelens van ontoereiktheid as hy pligte wat buite sy professionele kundigheidsveld is, moet verrig.

Organisasiesisteen hou probleme in stand en hulpverlening is inspanning

3. B ervaar dat die hulpverleningsproses met groot inspanning gepaard gaan en dat die organisasiesisteen probleme in stand hou. Hy ervaar dat hy in 'n posisie sonder mag is.

Konflikterende verwagtings

6. B meen dat psigiese uitbranding se oorsprong in die tweestryd tussen eksterne en eie verwagtings oor die verkose en verlangde rol geleë is.
7. B het 'n behoefte dat hy gemaklik met eie optrede wil wees ongeag ander se goedkeuring.

Beheer neem van werksituasie

10. B werk nie langer ure as wat amptelik verwag word nie. Hy het dit reeds by 'n vorige afdeling in die Suid-Afrikaanse Polisie begin doen en ervaar nie skuldgevoelens daarvoor nie.

Eiesoortige Suid-Afrikaanse Polisie konteks

1. B meen dat die polisie konteks eiesoortige ervarings meebring.

Betrokkenheid by onmiddellike werksomgewing

11. B meen dat daar 'n skeiding en 'n gebrek aan kontak tussen die institusionele outoriteit en sielkundiges se onmiddellike werksomgewing bestaan.

5.2.3 Die essensie van Subjek B se protokol

Subjek B beskou die ambivalensie tussen wat hyself wil wees en eksterne verwagtings as die oorsaak van psigiese uitbranding. Die hulpverleningsproses is veeleisend en hy voel ontoereikend as hy pligte buite sy eie professionele kundigheidsveld moet verrig. Die oneindige hoeveelheid probleme se aard wissel nooit nie. Die organisasie hou dit in stand en hy is in 'n posisie sonder mag en ervaar nooit voltooiing nie. Ander persone in die organisasie besef nie die aard en omvang van die professionele verantwoordelikheid wat swaar op sy gewete rus nie. Hy sal meer opgewasse voel indien hy toegelaat word om eie persoonlike kwessies by die werk te bespreek. Hy werk slegs amptelike ure en voel nie skuldig daarvoor nie.



5.3 Die ontleding van Subjek C se protokol

5.3.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek C

BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
<p data-bbox="150 555 683 703">V: Watter van die unieke ervarings in die SAPD konteks dra by tot uitbranding?</p> <ol data-bbox="150 779 699 1756" style="list-style-type: none"><li data-bbox="150 779 699 981">1. Dit is 'n konstante konfrontasie met die stukkenheid. Aanmekaar stukkend, gate. Dit hou net aan en aan en aan.<li data-bbox="150 1057 699 1361">2. En as jy by die punt gekom het waar ek voel my waarskuwings-tokens is wanneer ek behoefte aan verbale diaree het, maar jy het nie altyd die regte plek nie, jy het die regte plek om dit te kry nie.<li data-bbox="150 1438 699 1756">3. As 'n terapeutiese ingesteldheid vir jou belangrik is, soos dit vir my is, wil ek teruggaan soontoe. Die organisasiegoed, ek wens ek kan dit weggry en dit vir iemand anders gee. Dit frustreer my.	<ol data-bbox="724 779 1241 1697" style="list-style-type: none"><li data-bbox="724 779 1241 981">1. C ervaar dat daar onophoudelik gebrokenheid en ongeïntegreerdheid teenoor hom gestel word wat hy moet hanteer.<li data-bbox="724 1057 1241 1317">2. C weet dat 'n onkeerbare drang tot verbale gesprekvoering hom op gevaar wys. Hy het nie altyd die geskikte ruimte om hieraan uiting te gee nie.<li data-bbox="724 1438 1241 1697">3. C is gefrustreerd omdat die breë organisasieprobleme sy aandag verg. Dit verhoed dat hy sy verkose professionele rol van psigoterapeut kan uitleef.
<p data-bbox="150 1832 683 2033">V: Hoe dra die rolle, hoe die organisasie, individuele lede en jy jouself sien, by tot psigiese uitbranding?</p>	



4. Hoe ek dit begin agterkom het, is dat ek vra wie my kliënt is. Ek wil eers vra vir wie doen ek wat ek hier doen. Jy moet "*question*". Ek is al gewoon daaraan. Jy weet jy is nie altyd in 'n sisteem waar dinge met eerlike motiewe gedoen word nie.

V: Wat is Sielkundige Dienste se rol? En hoe kan 'n ander rol psigiese uitbranding aanspreek?

5. Ek dink dit is 'n groot rede vir baie stres. Dit dra baie by tot uitbranding. Net die kwessie dat jy jou aan take waarvoor jy nie opleiding het nie moet blootstel.

V: Op watter vlak lê daardie verantwoordelikheid?

6. Jy moet seker maak dat al die werk en intervensies op 'n professionele vlak bly en is en op standaard is.

V: Hoe het die groepservaring gehelp om te leer wat jy kan doen om psigiese uitbranding te verhoed of teë te werk?

4. C meen dat die beweegredes in die organisasie nie altyd duidelik is nie. Hy bevraagteken gevolglik eers sy rol voordat hy optree.

5. C meen dat sy professionele rol buitengewoon hoë druk op hom plaas, aangesien hy pligte wat buite sy professionele opleidingsveld is, moet verrig. Dit laat hom onbeskermd voel.

6. C voel aanspreeklik om te verseker dat werksaamhede aan professionele maatstawwe voldoen.



<p>7. Ek het die behoefte om te hoor dat dit wat ek doen "okay" is. Ek wil supervisie en leiding hê en ek gaan iemand betaal. Ek sien dit nie op 'n ander plek in die werksomgewing of by kollegas nie.</p>	<p>7. C wil graag positiewe terugvoer en leiding oor sy werksaamhede hê. Hy beplan om dit buite die organisasie te verkry, aangesien daar nie so 'n struktuur in die SAPD beskikbaar is nie.</p>
<p>8. Ek is bekommerd dat die dinamika vanaf 1994 dieselfde is, dit is die "parent" wat die "child" verwaarloos, hy kyk nie goed na hom nie.</p>	<p>8. C ervaar steeds onvoldoende versorging en ondersteuning vanaf die institusionele outoriteit. Hy meen die patroon het die afgelope 6 jaar onveranderd gebly.</p>

5.3.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek C se protokol

Onvoldoende ondersteuning

8. C ervaar steeds onvoldoende versorging en ondersteuning vanaf die institusionele outoriteit. Hy meen die patroon het die afgelope 6 jaar onveranderd gebly.

Verrig pligte buite professionele kundigheidsveld

3. C is gefrustreerd omdat die breë organisasieprobleme sy aandag verg. Dit verhoed dat hy sy verkose professionele rol van psigoterapeut kan uitleef.
5. C meen dat sy professionele rol buitengewoon hoë druk op hom plaas, aangesien hy pligte wat buite sy professionele opleidingsveld is, moet verrig. Dit laat hom onbeskermd voel.

Konfrontasie met ongeïntegreerdheid

1. C ervaar dat daar onophoudelik gebrokenheid en ongeïntegreerdheid teenoor hom gestel word wat hy moet hanteer.

Behoeft tot gesprekvoering

2. C weet dat 'n onkeerbare drang tot verbale gesprekvoering hom op gevaar wys. Hy het nie altyd die geskikte ruimte om hieraan uiting te gee nie.

Bevraagteken professionele rol

4. C meen dat die beweegredes in die organisasie nie altyd duidelik is nie. Hy bevraagteken gevolglik eers sy rol voordat hy optree.

Gebrek aan positiewe terugvoer

7. C wil graag positiewe terugvoer en leiding oor sy werksaamhede hê. Hy beplan om dit buite die organisasie te verkry, aangesien daar nie so 'n struktuur in die Suid-Afrikaanse Polisie diens beskikbaar is nie.

Professionele rol is veeleisend en indringend

6. C voel aanspreeklik om te verseker dat werksaamhede aan professionele maatstawwe voldoen.

5.3.3 Die essensie van Subjek C se protokol

Subjek C se professionele rol plaas buitengewone hoë druk op hom wanneer hy pligte wat buite sy kundigheids- en opleidingsveld is, moet verrig. Dit laat hom onbeskermd voel en hy is gefrustreerd omdat hy nie sy verkose rol van

psigoterapeut kan uitleef nie en daar is onvoldoende versorging en ondersteuning vanaf die institusionele outoriteit teenwoordig. Beweegredes in die organisasie is nie altyd duidelik nie en hy bevraagteken telkens sy rol voordat hy by werksaamhede betrokke raak. Hy moet onophoudelik gebrokenheid hanteer en 'n onkeerbare drang tot verbale gesprekvoering is vir hom 'n gevaarteken in homself. Hy het egter nie altyd die ruimte om daaraan uiting te gee nie. Hy wil graag leiding en positiewe terugvoer oor sy werksaamhede hê, maar die struktuur is nie in die Suid-Afrikaanse Polisie diens teenwoordig nie. Hy gaan dit gevolglik buite die organisasie verkry.

5.4 Die ontleding van Subjek D se protokol

5.4.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek D

BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
<p>V: Hoe maak dit 'n verskil dat dit 'n eksterne fasiliteerder is?</p> <p>1. Hoe ek oor outoriteit voel, gaan oor my eie 'issues'. Hoe ek dit benader, is of ek my eie "issues" uitsorteer het en hanteer. Daarom dink ek dit is belangrik dat ons ons eie "issues" moet ken en mee moet werk.</p>	<p>1. D meen dat bereidheid tot eksplorاسie en kennis van eie persoonlike kwessies belangrik is, aangesien dit gevoelens en reaksies teenoor gesagstrukture bepaal.</p>
<p>V: Wat is die verbande tussen persoonlike ontwikkeling, gesin van oorsprong en psigiese uitbranding wat die groep julle gehelp het om te trek?</p>	



<p>2. My ma kon my nooit “<i>contain</i>” nie, ek moes haar altyd “<i>contain</i>”. Ek het alleen as kind gevoel en ek voel alleen en eensaam in die sisteem.</p> <p>3. Jy kom met ‘n trauma te naby aan iemand se psige, waar jy gewoonlik nie kan nie.</p>	<p>2. D se ma het haar nie genoegsaam ondersteun nie. Sy het gevoelens van eensaamheid en isolasie as kind ervaar en ervaar soortgelyke gevoelens in die SAPD.</p> <p>3. D meen dat ‘n traumatiese ervaring meebring dat die normale afstand tussen haar en ‘n kliënt oorskry word.</p>
<p>V: Wat is psigiese uitbranding na aanleiding van die groepservaring?</p>	
<p>4. Vir my is dit wat ek gehoor het, wat baie van ons sê, dat ek nie meer omgee vir ander nie.</p> <p>5. Ek beleef dat ek so baie energie in my werk insit dat ek nie meer energie het vir my eie “<i>issues</i>” nie.</p> <p>6. Julle praat van afstand, maar ek dink dat die teenoorgestelde ook waar is, as jy te naby kom. Ek raak te gou emosioneel, ek raak huilerig of ek raak dood, ek voel niks nie.</p> <p>7. ‘n Ander ding vir my is dat ek nie</p>	<p>4. D beskou psigiese uitbranding as wanneer ander persone se welsyn nie meer belangrik is nie en sy afgestomp daarteenoor voel.</p> <p>5. D ervaar dat die oormaat energie wat aan werksaangeleenthede spandeer word, haar vermoë tot eksplorاسie van persoonlike kwessies inperk.</p> <p>6. D meen dat dit tekenend van psigiese uitbranding is as sy nie genoegsame afstand met kliënte handhaaf nie. Sy herken dit deurdat sy afgestomp voel of ooremosioneel raak.</p> <p>7. D raak gejaagd en taakgerig. Haar</p>



<p>meer die natuur geniet nie. As ek nie meer waardering vir dinge rondom het nie, alles is hier binne, en ek jaag net van die een plek na die ander plek, ek geniet nie meer die berge nie, alles is net hier binne. Ek kan nie meer uitkyk nie.</p>	<p>waarneming en waardering vir die omgewing en 'n wyer perspektief raak afgestomp en ingeperk.</p>
<p>8. Rolle en dit wat sal help gaan baie spesifiek rondom my eie beroepsklas en spesialisasieveld. Ek en 'n bedryfsielkundige het mekaar nodig en dit sal help teen uitbranding.</p>	<p>8. D meen dat die teenwoordigheid van interdisiplinêre hulp van 'n toegepaste kundigheidsveld in haar onmiddellike omgewing psigiese uitbranding sal help teëwerk.</p>
<p>9. Dan moet ek nog die mediese raad en etiese kode ook in gedagte hou. My hoof verwag van my om verantwoordelik op te tree en dit gee my baie stres.</p>	<p>9. D ervaar dit as druk om volgehoue gemoniteerde professionele en etiese optrede te handhaaf.</p>

5.4.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek D se protokol

Kennis en hantering van eie persoonlike kwessies

1. D meen dat bereidheid tot eksplorاسie en kennis van eie persoonlike kwessies belangrik is, aangesien dit gevoelens en reaksies teenoor gesagstrukture bepaal.

Word taakgerig, onttrek en skeep afstand vanaf ander persone

4. D beskou psigiese uitbranding as wanneer ander persone se welsyn nie meer belangrik is nie en sy afgestomp daarteenoor voel.
6. D meen dat dit tekenend van psigiese uitbranding is as sy nie genoegsame afstand met kliënte handhaaf nie. Sy herken dit deurdat sy afgestomp voel of ooremosioneel raak.
7. D raak gejaagd en taakgerig. Haar waarneming en waardering vir die omgewing en 'n wyer perspektief raak afgestomp en ingeperk.

Onvoldoende eie emosionele versorging en selfeksplorاسie

5. D ervaar dat die oormaat energie wat aan werksaangeleenthede spandeer word, haar vermoë tot eksplorاسie van persoonlike kwessies inperk.

Rol van primêre gesinsverhoudings en individuele ontwikkeling

2. D se ma het haar nie genoegsaam ondersteun nie. Sy het gevoelens van eensaamheid en isolاسie as kind ervaar en ervaar soortgelyke gevoelens in die Suid-Afrikaanse Polisediens.

Kontak met getraumatiseerde persone

3. D meen dat 'n traumatiese ervaring meebring dat die normale afstand tussen haar en 'n kliënt oorskry word.

Professionele rol is veeleisend en indringend

8. D meen dat die teenwoordigheid van interdisiplinêre hulp van 'n toegepaste kundigheidsveld in haar onmiddellike omgewing psigiese uitbranding sal help teëwerk.
9. D ervaar dit as druk om volgehoue gemoniteerde professionele en etiese optrede te handhaaf.

5.4.3 Die essensie van Subjek D se protokol

Subjek D sê dat psigiese uitbranding meebring dat die normale professionele afstand nie met pasiënte gehandhaaf word nie. Sy raak afgestomp en hul welsyn is nie belangrik nie. Kontak met getraumatiseerde persone bring ook oorbetrokkenheid mee. Sy spandeer 'n oormaat energie aan werksaangeleenthede wat die eksplorاسie van haar eie emosies beperk. Haar waarneming en waardering vir die natuurlike omgewing, asook 'n wyer perspektief raak afgestomp en ingeperk en sy is toenemend taakgerig. Gemoniteerde verwagtings om deurlopend professioneel en eties op te tree, plaas druk op haar en dit is uitputtend om aanspreeklik vir professionele besluite en beoordelings te wees. Die teenwoordigheid van interdisiplinêre hulp van 'n toegepaste kundigheidsveld sal psigiese uitbranding teëwerk. Sy voel eensaam en geïsoleerd in die organisasie en het soortgelyke ervarings in haar gesin van oorsprong met vroulike outoriteit gehad.

5.5 Die ontleding van Subjek E se protokol

5.5.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek E

BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
V: Hoe maak dit 'n verskil dat dit 'n eksterne fasiliteerder is?	



<p>1. Wat dit wel doen, is dat dit oraait geword het om te sê dat dit nie goed gaan nie en om sekere “issues” los te maak.</p> <p>2. En dat dit amper half oraait is om eksterne ouens te kry om ons te help om daarmee te “cope”. As dit iemand in die polisie was, sou ons almal ons aggressie op hom uitgehaal en geprojekteer het.</p> <p>3. Ons het ander “issues” wat uniek is.</p> <p>4. Ek het al gewonder wat sou gebeur as een van die sielkundiges in die polisie sou selfmoord pleeg. Dit sal “horrific” gevolge hê, ek dink dit is nader as wat ons dink.</p> <p>5. Ek dink Hoofkantoor moet die ondersteuningsrol vervul en hulle doen dit nie en dit frustreer my.</p> <p>V: Wat is die verband tussen persoonlike ontwikkeling, gesin van oorsprong en psigiese uitbranding?</p>	<p>1. E beskou dit as belangrik genoeg om haar eie laagtepunte en gepaardgaande gevoelens te erken en te eksploreer.</p> <p>2. E meen dat dit aanvaarbaar is om ‘n onverbonde en neutrale persoon te konsulteer vir hulp. ‘n Persoon in die SAPD sal die fokus van geprojekteerde gevoelens wees.</p> <p>3. E meen dat die kwessies in die SAPD eiesoortig is.</p> <p>4. E meen dat ‘n selfmoord van ‘n sielkundige ‘n groot moontlikheid is wat verwag kan word. Sy meen dat dit skrikwekkende gevolge sal inhou.</p> <p>5. E ervaar frustrasies, aangesien daar nie genoeg bystand vanaf die institusionele outoriteit verleen word nie.</p>
<p>6. Ek dink nie al jou “issues” gaan</p>	<p>6. E meen dat dit ‘n oneindige stryd</p>



<p>ooit uitgesorteer wees nie. Dit is 'n "battle" tot jy doodgaan.</p>	<p>is om persoonlike kwessies te hanteer.</p>
<p>7. Daar is baie ouens wat nie eers weet van hulle eie "issues" nie, maar hulle "cope" baie goed. Soos my man. Hy het nie 'n idee van sy eie "issues" nie en hy is nie uitgebrand nie en hy sal ook nooit uitgebrand wees nie.</p>	<p>7. E meen dat bewustelike kennis van persoonlike kwessies nie psigiese uitbranding verhoed nie.</p>
<p>8. Ek het 'n gebrek aan ondersteuning vanaf my man. As ek met hom praat, sal hy net sy oë rek en omdraai.</p>	<p>8. E ervaar nie genoeg bystand vanaf haar eggenoot nie. Hy is onbetrokke en verwerpend teenoor haar behoeftes.</p>
<p>9. Ek skep nie meer verwagtinge vir myself waar daar nie van my behoeftes bevredig word nie. Dit is 'n baie alleen wêreld.</p>	<p>9. E voel geïsoleer en reken en hoop nie meer daarop dat daar voldoen sal word aan wat sy benodig nie.</p>
<p>V: Wat van die unieke ervarings in die SAPD konteks dra by tot psigiese uitbranding?</p>	
<p>10. Wat dit vir my erg maak, is dat jy met soveel rou emosies werk direk na 'n trauma, dit is sulke onbeheerde, rou emosies.</p>	<p>10. E ervaar die oop en onbeheerde emosies na 'n traumatiese ervaring as uitermatig indringend en onaangenaam.</p>
<p>11. In 'n terapeutiese sessie is dit al beter, dit is meer geïntegreerd en meer deurdag en deurdink.</p>	<p>11. E beskou die emosies in 'n terapeutiese konteks as meer heel en gekontroleerd. Sy ervaar dit as</p>



<p>V: Hoe beïnvloed dit jou op persoonlike vlak?</p> <p>12. Ons het met meer ongekontroleerde emosies te doen as iemand in privaatpraktyk.</p> <p>13. Ek kan byvoorbeeld nie dink dat ek in die sisteem waar ek nou in is, dat ek oor ses maande van nou weer agt mense 'n dag gaan sien en dat dit "nice" sal wees nie.</p> <p>14. Ek het nou die afstand geskep en ek sien nie meer mense nie, en ek weet nie of ek ooit weer mense gaan sien nie en "okay" wees daarmee nie.</p> <p>15. Ek dink nie dit is omkeerbaar nie en ek sal 'n drastiese omgewingsverandering moet maak of 'n drastiese verandering moet maak. Ek glo nie ek sal ooit weer by die punt kom waar ek nie uitgebrand is nie.</p> <p>V: Help dit indien jy nie enige mense in 'n psigoterapeutiese</p>	<p>gunstiger.</p> <p>12. E meen dat SAPD sielkundiges meer aan emosies wat nie ten volle beheer word nie, blootgestel word as in die privaatpraktiserende konteks.</p> <p>13. E ervaar direkte betrokkenheid by terapeutiese intervensies as uitputtend.</p> <p>14. E het vanaf 'n professionele hulpverleningsrol onttrek en twyfel of sy weer die rol sal aanneem.</p> <p>15. E meen dat die ervaring van psigiese uitbranding slegs teëgewerk kan word as sy van werksomgewing kan verander.</p>
---	---



konteks sien nie?

16. Ja, dit help, want jy word nie aan enige emosies en ander se pyn en angs blootgestel nie. Ek bestuur nou eerder die kantoor.

16. E voel gemaklik met bestuurstake waar geen kontak met seer emosies is nie en waar geen emosionele eise aan haar gestel word nie.

V: Wat in die sisteem maak 'n emosionele lading moeilik?

17. Dit voel vir my of as ek ouens in 'n ander konteks sien, hulle 'n beter prognose het, en ek is nie deel van die sisteem wat sy prognose swak maak nie.

17. E voel haarself as deel van die organisasiesisteem wat probleme in stand hou en vermoë tot herstel belemmer.

V: Op watter vlak lê al hierdie verantwoordelikhede?

18. Ek moet 'n diens in stand hou met personeel wat nie voldoende opleiding gehad het nie. Ons moet hartchirurgie doen met 'n ou wat een jaar paramedici opleiding gehad het.

18. E ervaar dat sy 'n professionele diens van 'n hoë standaard moet handhaaf sonder voldoende professionele opgeleide personeel.

19. Dan is dit nie maklik om supervisie te gee en toesig te hou nie, want die persoon dink hy of sy weet genoeg, maar is nie geregistreer nie. Dit bring spanning en druk.

19. E ervaar dat die rol van supervisor en toesighouer druk op haar plaas, aangesien die personeel onder haar meen dat hulle selfstandig genoeg is en oor genoeg kennis beskik.



<p>V: Hoe het die groepservaring gehelp om te leer wat jy kan doen om psigiese uitbranding te verhoed of teë te werk?</p> <p>20. Ek is so moeg vir ander se emosies dat ek nie nog krag het en kans sien vir my eie emosies nie. Jy sny dit af en ontken dit.</p>	<p>20. E het nie genoegsame energie om haar eie gevoelslewe te eksploreer nie en sy onderdruk dit aangesien sy 'n oormaat blootstelling aan andere se emosies kry.</p>
--	--

5.5.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek E se protokol

Professionele rol is veeleisend en indringend

13. E ervaar direkte betrokkenheid by terapeutiese intervensies as uitputtend.

Onvoldoende eie emosionele versorging en selfeksplorاسie

20. E het nie genoegsame energie om haar eie gevoelslewe te eksploreer nie en sy onderdruk dit aangesien sy 'n oormaat blootstelling aan andere se emosies kry.

Onvoldoende ondersteuning

5. E ervaar frustrasies, aangesien daar nie genoeg bystand vanaf die institusionele outoriteit verleen word nie.
9. E voel geïsoleer en reken en hoop nie meer daarop dat daar voldoen sal word aan wat sy benodig nie.

Behoeftte aan eie versorging

1. E beskou dit as belangrik genoeg om haar eie laagtepunte en gepaardgaande gevoelens te erken en te eksploreer.

Eksterne fasiliteerder dra by tot eksplorasi

2. E meen dat dit aanvaarbaar is om 'n onverbonde en neutrale persoon te konsulteer vir hulp. 'n Persoon in die Suid-Afrikaanse Polisie sal die fokus van geprojekteerde gevoelens wees.

Kontak met getraumatiseerde persone

10. E ervaar die oop en onbeheerde emosies na 'n traumatiese ervaring as uitermatig indringend en onaangenaam.
11. E beskou die emosies in 'n terapeutiese konteks as meer heel en gekontroleerd. Sy ervaar dit as gunstiger.
12. E meen dat Suid-Afrikaanse Polisie sielkundiges meer aan emosies wat nie ten volle beheer word nie, blootgestel word as in die privaatpraktiserende konteks.

Organisasiesisteem hou probleme in stand en hulpverlening is inspanning

17. E voel haarself as deel van die organisasiesisteem wat probleme in stand hou en vermoë tot herstel belemmer.

Bevraagteken professionele rol

14. E het vanaf 'n professionele hulpverleningsrol onttrek en twyfel of sy weer die rol sal aanneem.

Moontlikheid van selfmoord

4. E meen dat 'n selfmoord van 'n sielkundige 'n groot moontlikheid is wat verwag kan word. Sy meen dat dit skrikwekkende gevolge sal inhou.

Onvoldoende ondersteuning van huweliksmaat

8. E ervaar nie genoeg bystand vanaf haar eggenoot nie. Hy is onbetrokke en verwerpend teenoor haar behoeftes.

Kennis en hantering van persoonlike kwessies

6. E meen dat dit 'n oneindige stryd is om persoonlike kwessies te hanteer.
7. E meen dat bewustelike kennis van persoonlike kwessies nie psigiese uitbranding verhoed nie.

Verandering van werksomgewing

15. E meen dat die ervaring van psigiese uitbranding slegs teëgewerk kan word as sy van werksomgewing kan verander.

Word taakgerig, onttrek en skep afstand vanaf ander persone

16. E voel gemaklik met bestuurstake waar geen kontak met seer emosies is nie en waar geen emosionele eise aan haar gestel word nie.

Rol van toesighouer en supervisor

18. E ervaar dat sy 'n professionele diens van 'n hoë standaard moet handhaaf sonder voldoende professionele opgeleide personeel.
19. E ervaar dat die rol van supervisor en toesighouer druk op haar plaas, aangesien die personeel onder haar meen dat hulle selfstandig genoeg is en oor genoeg kennis beskik.

Eiesoortige Suid-Afrikaanse Polisie diens konteks

3. E meen dat die kwessies in die Suid-Afrikaanse Polisie diens eiesoortig is.

5.5.3 Die essensie van Subjek E se protokol

Subjek E word meer aan traumatiese en ongekontroleerde emosies blootgestel as kollegas in ander werksomgewings. Hierdie gevoelens is vir haar uitermatig indringend en onaangenaam. Emosies in 'n terapeutiese omgewing is meer beheersd, maar direkte terapeutiese betrokkenheid is ook uitputtend. Sy het van 'n professionele hulpverleningsrol onttrek aangesien sy haarself as deel van die organisasiesisteem beskou wat probleme in stand hou en herstel belemmer. Sy verkies gevolglik om bestuurstake te verrig. Die rol van bestuurder en supervisor plaas ook druk op haar omdat die personeel wat onder haar resorteer, meen dat hulle selfstandig genoeg is om onafhanklik te funksioneer. Die personeel beskik egter nie oor genoegsame professionele kwalifikasies om die hoë standaard te handhaaf wat sy verwag nie. Oormatige blootstelling aan ander se emosies beperk die energie om haar eie gevoelslewe te eksploreer. Dit is 'n oneindige stryd om haar persoonlike kwessies te hanteer en bewuste kennis daarvan verhoed nie psigiese uitbranding nie. Voldoende bystand van haar eggenoot ontbreek en hy is verwerpend en onbetrokke teenoor haar behoeftes. Die institusionele outoriteit verleen ook nie genoegsame ondersteuning aan haar nie. Dit laat

haar gefrustreerd en geïsoleerd voel en sy reken en hoop nie meer daarop dat haar behoeftes bevredig sal word nie. Selfmoord deur 'n Suid-Afrikaanse Polisie diens sielkundige is nie onwaarskynlik nie en sal skrikwekkende gevolge hê.

5.6 Die ontleding van Subjek F se protokol

5.6.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek F	
BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
<p>V: Hoe dra stukkende dinge wat die sisteem in stand hou by tot psigiese uitbranding?</p> <p>1. Jy kan nie afsluit nie.</p>	<p>1. F ervaar dat haar werk nooit voltooi is nie en dat sy nooit daarvan kan onttrek nie.</p>
<p>V: Hoe beïnvloed dit jou op 'n persoonlike vlak?</p> <p>2. Die intensiteit van emosie is vir my erg. Hartseer is "okay", maar depressie is intens, bekommerd is "okay", maar angstigheid is erger. Dit is waarmee ons werk.</p> <p>3. Wat dit aan my doen, dit gaan sit op die krop van maag. Dit laat my wonder waar ek nou is. Dit maak my verward.</p>	<p>2. F ervaar dat intense emosies in haar werk vir haar moeilik is om te hanteer.</p> <p>3. F ervaar dat die effek op haar intens en naby is en dat dit haar in die war bring en dat sy sukkel om sin daaruit te maak.</p>
<p>V: Wat is psigiese uitbranding na</p>	



aanleiding van die groepservaring?	
4. Dit is 'n baie individuele ding. Dit is soos stres, dus die eise wat jy aan jouself stel en wat die omgewing aan jou stel.	4. F meen dat psigiese uitbranding ooreenstemming met stres toon en dat elke persoon se ervarings uniek is.
5. Hoe ek dit by myself ervaar? Asof dit vreemde gedrag in myself is wat ek nie ken nie.	5. F sien psigiese uitbranding in haarsel self deurdat sy ongewone gedrag openbaar wat nie eie aan haarsel self is nie.
6. Soos ek gesê het, ek is 'n nagmens. Ek gaan eet en ewe skielik raak ek nege-uur aan die slaap. Ons is 'n baie "close" familie, ons gesin, en ek kom nie meer by hulle nie.	6. F ervaar dié ongewone gedrag daarin dat sy onttrek van haar eie gesin van oorsprong.
7. Ek weet een van my terapie se sterkpunte is om empaties te wees en ewe skielik is ek nie. Ek is ongeduldig. Dit is 'n rooi lig vir my.	7. F beskou dit as 'n gevaarteken as sy in haar professionele rol afstand tussen haar en kliënte skep en nie meer op gevoelens ingestel is nie.

5.6.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek F se protokol

Gevoelens ten opsigte van die werksomgewing

2. F ervaar dat intense emosies in haar werk vir haar moeilik is om te hanteer.

3. F ervaar dat die effek op haar intens en naby is en dat dit haar in die war bring en dat sy sukkel om sin daaruit te maak.

Unieke ervaring wat ooreenstem met stres

4. F meen dat psigiese uitbranding ooreenstemming met stres toon en dat elke persoon se ervarings uniek is.

Nie-ek optrede

5. F sien psigiese uitbranding in haarself deurdat sy ongewone gedrag openbaar wat nie eie aan haarself is nie.

Werk is nooit voltooi nie/ onvermoë om te onttrek

1. F ervaar dat haar werk nooit voltooi is nie en dat sy nooit daarvan kan onttrek nie.

Word taakgerig, onttrek en skep afstand vanaf ander persone

6. F ervaar dié ongewone gedrag daarin dat sy onttrek van haar eie gesin van oorsprong.
7. F beskou dit as 'n gevaarteken as sy in haar professionele rol afstand tussen haar en kliënte skep en nie meer op gevoelens ingestel is nie.

5.6.3 Die essensie van Subjek F se protokol

Subjek F sê dat psigiese uitbranding ooreenstemming met stres toon en elke persoon se ervaring daarvan uniek is. Sy herken psigiese uitbrandingstekens in haarself as sy ongewone gedrag openbaar wat nie eie aan haarself is nie. Sy kan nooit van haar werk onttrek nie en voel dat dit voltooi is nie. Intense emosies in haar werksomgewing is moeilik om te hanteer en sy sukkel om sin

daaruit te maak. Sy ervaar dit as naby haarself en dit bring haar in die war. Dit behels dat sy in haar professionele werksomgewing, asook persoonlike lewe, afstand tussen haar en ander persone skep en nie meer op gevoelens ingestel is nie. Sy beskou dit as 'n gevaarteken.

5.7 Die ontleding van Subjek G se protokol

5.7.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek G	
BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
<p>V: Hoe maak dit 'n verskil dat dit 'n eksterne fasiliteerder is?</p> <p>1. Ek dink die eksterne persoon maak dit makliker as wat 'n interne persoon sou maak. Hy sal meer objektief wees. 'n Interne persoon sou ons weggevat het van goed of verdedig het teen goed.</p>	<p>1. G meen dat 'n persoon wat neutraal en onverbonde teenoor die organisasie is, die eksplorاسie van die ervaring van psigiese uitbranding meer toeganklik en openhartig maak.</p>
<p>V: Wat is psigiese uitbranding na aanleiding van die groepservaring?</p> <p>2. Wanneer jy voel of jy nie "cope" nie. Dit is wanneer jy voel, nou kan ek nie meer help nie. As jy nie energie het om ander te help nie.</p> <p>3. Ek is magteloos. Ek dink ek is op die stadium gefrustreerd, ongelooflik gefrustreerd.</p>	<p>2. G meen psigiese uitbranding is die ervaring dat jy nie meer opgewasse voel en oor energie beskik om hulpgewing aan andere te verskaf nie.</p> <p>3. G ervaar gevoelens van onmag en ekstreme frustrasies in die werkskonteks.</p>



V: Hoe het die twee dae gehelp om jou frustrasies te verstaan?

4. My frustrasies is die opset in die polisie, die kwessie dat ons nie in ons kantore is nie, dat ek nie my goed op 'n rekenaar kan sit nie. Dit is vir my ongelooflik frustrerend.
5. Ek dink hoekom ek "cope", ons is nog min mense by die kantoor, maar ek "cope" nog, dit voel of ek nog iets vir mense, die polisiemanne, kan beteken. Ek is nog in staat, maar ek het hier geleer, jy moet op jou hoede wees. Ek dink nie hy waarsku jou nie, hy kom baie vinnig.

V: Wat is Sielkundige Dienste se rol? En hoe kan 'n ander rol psigiese uitbranding aanspreek?

6. Wat met ons as bedryfsielkundiges gebeur, is dat as die lede hoor dat jy 'n sielkundige is, dan dink hulle onmiddellik aan 'n kliniese sielkundige. Hulle verwag dat jy hulle moet help met meer kliniese goed, persoonlike probleme. Ons doen dit, nie terapie nie, maar kontakonderhoude en

4. G ervaar dat die gebrek aan logistieke hulpmiddels ekstreme frustrasies meebring.
5. G voel steeds opgewasse om hulp te verleen ten spyte van 'n personeeltekort. Sy meen dat die groepservaring bydra tot die besef dat sy teen psigiese uitbranding moet waak, aangesien dit vinnig kan realiseer.

6. G ervaar druk en belemmering omdat sy met 'n aanverwante professionele veld verwar word en werksaamhede moet verrig wat buite haar eie professionele opleiding en kundigheidsveld is.



<p>krisisintervensies. Dit plaas baie druk en stremming op my.</p> <p>7. Dit word van jou verwag. Die lede weet nie eers altyd wat die verskil tussen 'n maatskaplike werker en 'n sielkundige is nie, wat nog van 'n kliniese- en bedryfsielkundige. Daar is nie vir hulle 'n verskil nie.</p> <p>V: Hoe het die groepservaring gehelp om te leer wat jy kan doen om psigiese uitbranding te verhoed of teë te werk?</p> <p>8. Dit wat beskikbaar is in jou omgewing moet jy gebruik. As jy 'n professionele persoon wil gaan sien, moet jy dit doen, of soos in my geval, my ouers, maak gebruik van hulle, sodat hulle jou kan ondersteun en help. Maak gebruik van mense, selfs by die werk, maar jy moet vir hulle sê dat jy hulle nodig het, anders gaan hulle nie weet nie.</p> <p>9. Hoofkantoor werk met prosesse en beleid en nie met mense en trauma nie. Dit is die goed wat psigiese uitbranding veroorsaak.</p>	<p>7. G meen dat die onvermoë van polisiepersoneel om tussen professies te differensieer druk op haar plaas om dienste buite haar kundigheidsveld te verrig.</p> <p>8. G meen dat daar van ondersteuningsisteme gebruik gemaak moet word, maar dat hulle kennis moet dra dat steun benodig word.</p> <p>9. G meen dat direkte kontak met getraumatiseerde personeel die oorsprong van psigiese uitbranding is. Dit is ontoeganklik vir die institusionele outoriteit aangesien hulle by breë</p>
--	--



	bestuursaangeleenthede betrokke is.
--	-------------------------------------

5.7.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek G se protokol

Gevoelens ten opsigte van die werksomgewing

3. G ervaar gevoelens van onmag en ekstreme frustrasies in die werkskonteks.

Behoeftes aan eie versorging

8. G meen dat daar van ondersteuningsisteme gebruik gemaak moet word, maar dat hulle kennis moet dra dat steun benodig word.

Eksterne fasiliteerder dra by tot eksplorاسie

1. G meen dat 'n persoon wat neutraal en onverbonden teenoor die organisasie is, die eksplorاسie van die ervaring van psigiese uitbranding meer toeganklik en openhartig maak.

Voldoende energie en opgewasse voel vir die taak

2. G meen psigiese uitbranding is die ervaring dat jy nie meer opgewasse voel en oor energie beskik om hulpgewing aan andere te verskaf nie.
5. G voel steeds opgewasse om hulp te verleen ten spyte van 'n personeeltekort. Sy meen dat die groepservaring bydra tot die besef dat sy teen psigiese uitbranding moet waak, aangesien dit vinnig kan realiseer.

Gebrek aan logistieke hulpmiddels

4. G ervaar dat die gebrek aan logistieke hulpmiddels ekstreme frustrasies meebring.

Verrig pligte buite professionele kundigheidsveld

7. G meen dat die onvermoë van polisiepersoneel om tussen professies te differensieer druk op haar plaas om dienste buite haar kundigheidsveld te verrig.
6. G ervaar druk en belemmering omdat sy met 'n aanverwante professionele veld verwar word en werksaamhede moet verrig wat buite haar eie professionele opleiding en kundigheidsveld is.

Kontak met getraumatiseerde persone

9. G meen dat direkte kontak met getraumatiseerde personeel die oorsprong van psigiese uitbranding is. Dit is ontoeganklik vir die institusionele outoriteit aangesien hulle by breë bestuursaangeleenthede betrokke is.

5.7.3 Die essensie van Subjek G se protokol

Subjek G sê dat kontak met getraumatiseerde persone die oorsprong van psigiese uitbranding is. Dit realiseer vinnig en dit is om nie meer energie te hê en opgewasse te voel om hulpverlening te verskaf nie. Ondanks 'n groot personeeltekort voel sy steeds opgewasse in die hulpverleningsrol. Die polisiepersoneel se onvermoë om tussen aanverwante professies te onderskei en verantwoordelikhede buite haar eie kundigheidsveld plaas druk op haar. Die gebrek aan logistieke hulpmiddels veroorsaak ekstreme frustrasies en gevoelens van onmag. Ondersteuningsisteme in die omgewing moet gebruik word, maar hul moet kennis dra dat steun benodig word.



5.8 Die ontleding van Subjek H se protokol

5.8.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek H

BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
<p>V: Wat is die verbande tussen persoonlike ontwikkeling, gesin van oorsprong en psigiese uitbranding?</p>	
<p>1. Die aard van die werk wat ons doen, die kwessie dat ons so nou kontak het met die goed, veroorsaak dat ons uitbrand, dit maak ons meer vatbaar as ander professies.</p>	<p>1. H meen dat die spesifieke tipe werksaamhede en direkte blootstelling en gebrek aan afstand tot die ervaring van psigiese uitbranding bydra.</p>
<p>V: Hoe beïnvloed dit jou op 'n persoonlike vlak?</p>	
<p>2. Ek wil so 'n bietjie wegkom, afstand hê van die goed. Jy wil jou grense meer stel vir selfbehoud.</p>	<p>2. H verlang dat 'n ruimte tussen homself en die werk gestel moet word ter wille van sy eie welstand en oorlewing.</p>
<p>V: Wat is Sielkundige Dienste se rol? En hoe kan 'n ander rol psigiese uitbranding aanspreek?</p>	
<p>3. Ek dink dit is fasilitering. Die polisie moet deur sekere prosesse gaan waardeur jy al is en jy moet</p>	<p>3. H sien sy verkose professionele rol op so 'n wyse dat hy die organisasie moet lei en stimuleer</p>



<p>dit vir hulle help en verduidelik. Dit is wat ek ervaar. Jy het al sekere lesse geleer en jy moet dit teruggee sodat hulle daaruit kan leer en ontwikkel.</p> <p>V: Hoe het die groepservaring gehelp om te leer wat jy kan doen om psigiese uitbranding te verhoed of teë te werk?</p> <p>4. Jy moet jousef ook “<i>nurture</i>”. Dit is nie ‘n luukse nie, maar ‘n essensiële.</p> <p>5. Daar moet weer ‘n kongres gehou word, ek dink daar is ‘n behoefte daaraan vir die hele Sielkundige Dienste.</p> <p>6. Die alleenheid in die Area was vir my baie stresvol en het my uitgebrand.</p>	<p>om tot volle groei te kom en te ontwikkel. Hy meen dat hy sy eie ervarings hiervoor kan aanwend.</p> <p>4. H meen dat sielkundiges se eie versorging van kardinale belang is en nie as oorbodig beskou moet word nie.</p> <p>5. H meen dat ‘n byeenkoms waar gemeenskaplikhede bespreek en gedeel kan word, nodig is.</p> <p>6. H het afgesonder en sonder hulp en ondersteuning in sy nabye werkskonteks gevoel. Dit het tot psigiese uitbranding gelei.</p>
--	--

5.8.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek H se protokol

Onvoldoende eie emosionele versorging en eksplorاسie

4. H meen dat sielkundiges se eie versorging van kardinale belang is en nie as oorbodig beskou moet word nie.

Behoeftte aan eie versorging

5. H meen dat 'n byeenkoms waar gemeenskaplikhede bespreek en gedeel kan word, nodig is.

Werk is nooit voltooi nie/ onvermoë om te onttrek

1. H meen dat die spesifieke tipe werksaamhede en direkte blootstelling en gebrek aan afstand tot die ervaring van psigiese uitbranding bydra.
2. H verlang dat 'n ruimte tussen homself en die werk gestel moet word ter wille van sy eie welstand en oorlewing.

Professionele bydrae het weinig impak en is onbevredigend

3. H sien sy verkose professionele rol op so 'n wyse dat hy die organisasie moet lei en stimuleer om tot volle groei te kom en te ontwikkel. Hy meen dat hy sy eie ervarings hiervoor kan aanwend.

Onvoldoende ondersteuning

6. H het afgesonder en sonder hulp en ondersteuning in sy nabye werkskonteks gevoel. Dit het tot psigiese uitbranding gelei.

5.8.3 Die essensie van Subjek H se protokol

Subjek H sê dat hy psigies uitgebrand het omdat hy afgesonder was en geen hulp en ondersteuning in sy nabye werkskonteks ontvang het nie. Die tipe werksaamhede wat hy in die organisasie verrig en direkte blootstelling daaraan, dra by tot psigiese uitbranding. Hy wil graag ruimte tussen hom en die werk stel ter wille van sy eie welstand en oorlewing. Sielkundiges se eie versorging is van kardinale belang en moet nie as oorbodig beskou word nie.

'n Byeenkoms waar gemeenskaplikhede bespreek en gedeel word, is nodig. Hy beskou sy eie professionele rol op 'n wyse om die organisasie te lei en te stimuleer tot groei en ontwikkeling.

5.9 Die ontleding van Subjek I se protokol

5.9.1 Betekeniseenhede uit die protokol en die sentrale tema vir elke eenheid van Subjek I

BETEKENISEENHEID	SENTRALE TEMA
<p>V: Wat is psigiese uitbranding na aanleiding van die groepservaring?</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. My verwagting was dat ons almal oor die sisteem sou afpak en ek was verbaas om te sien hoe diep ons almal gegaan het na ons gesin van oorsprong. 2. Dit sê dat uitbranding daar begin en dan na die werksplek. Jy begin nie soos ek gedink het by die werksplek nie. 3. Hulle prognose is baie sleg en die kans dat hulle gaan insig kry, is baie min. So asof hulle nie hulle eie verantwoordelikheid wil aanvaar en nooit insig wil kry nie. 4. Hulle kom net vir ventilasie en ondersteuning. Jy sien daar is 	<ol style="list-style-type: none"> 1. I is verbaas dat die groepsbespreking verby daaglikse organisasie-aspekte en -probleme na primêre gesinsverhoudings beweeg het. 2. I meen dat psigiese uitbranding se oorsprong nie in die werkskonteks is nie, maar in individuele ontwikkeling en primêre verhoudings gesetel is. 3. I ervaar dat haar professionele werkswyse weinig impak het. Sy skryf dit toe aan die polisiepersoneel se onvermoë tot selfbegrip en aanvaarding van eie aanspreeklikheid. 4. I ervaar haar professionele rol as een wat 'n ruimte moet skep om



<p>potensiaal, maar daar is baie min mense in die polisie wat selfaktualisasie bereik.</p>	<p>gevoelens te lug en bystand te verleen. Sy sou verkies het om dieper en meer eksploratief te werk en dieperliggende persoonlike groei te mobiliseer.</p>
<p>5. Dit frustreer my. Dit is hoekom ek kinders sien. Jy sien vinniger 'n verskil en daar is baie meer groei en positiwiteit by hulle.</p>	<p>5. I het 'n behoefte om te ervaar dat sy professioneel 'n impak het. Sy verkies gevolglik om kinders te behandel waarmee vinniger resultate bereik word.</p>
<p>V: Hoe het die groepservaring gehelp om te leer wat jy kan doen om psigiese uitbranding te verhoed of teë te werk?</p>	
<p>6. Ek het nou begin, as daar 'n "social" geleentheid is, 'n sportdag of 'n gholfdag is, dan gaan ek.</p>	<p>6. I het besluit om aktief van geleenthede vir ontspanning by die werk gebruik te maak.</p>
<p>7. Ek probeer minder gespanne wees oor die werk en ook minder skuldig te voel en angstig te wees.</p>	<p>7. I poog bewustelik om angstige en skuldige gevoelens oor die werk te verminder.</p>
<p>8. Ek werk nie langer as 4 uur nie, ek doen dit nie aan myself nie.</p>	<p>8. I werk nie langer ure as wat amptelik verwag word nie.</p>
<p>9. Na my tweede pasiënt het ek opgestaan en gevra wat ek hier soek. Want mense wat nie daar wil wees nie, brand my uit. Ek het dit nou gestop; ek sien nie mense</p>	<p>9. I meen dat persone wat nie uit eie beweging van haar professionele dienste gebruik maak nie, meebring dat sy haar professionele rol bevraagteken en</p>



wat nie daar wil wees nie.	dat dit tot die ervaring van psigiese uitbranding bydra. Sy het dan ook besluit om net persone wat uit vrye wil meedoen, te behandel.
----------------------------	---

5.9.2 Groepering van sentrale temas in gemeenskaplike areas van Subjek I se protokol

Gevoelens ten opsigte van die werksomgewing

7. I poog bewustelik om angstige en skuldige gevoelens oor die werk te verminder.

Behoeftes aan eie versorging

6. I het besluit om aktief van geleenthede vir ontspanning by die werk gebruik te maak.

Rol van primêre gesinsverhoudings en individuele ontwikkeling

1. I is verbaas dat die groepsbespreking verby daaglikse organisasie-aspekte en -probleme na primêre gesinsverhoudings beweeg het.
2. I meen dat psigiese uitbranding se oorsprong nie in die werkskonteks is nie, maar in individuele ontwikkeling en primêre verhoudings gesetel is.

Professionele bydrae het weinig impak en is onbevredigend

3. I ervaar dat haar professionele werkwyse weinig impak het. Sy skryf dit toe aan die polisiepersoneel se onvermoë tot selfbegrip en aanvaarding van eie aanspreeklikheid.

4. I ervaar haar professionele rol as een wat 'n ruimte moet skep om gevoelens te lug en bystand te verleen. Sy sou verkies het om dieper en meer eksploratief te werk en dieperliggende persoonlike groei te mobiliseer.
5. I het 'n behoefte om te ervaar dat sy professioneel 'n impak het. Sy verkies gevolglik om kinders te behandel waarmee vinniger resultate bereik word.
9. I meen dat persone wat nie uit eie beweging van haar professionele dienste gebruik maak nie, meebring dat sy haar professionele rol bevraagteken en dat dit tot die ervaring van psigiese uitbranding bydra. Sy het dan ook besluit om net persone wat uit vrye wil meedoen, te behandel.

Beheer neem van werksituasie

8. I werk nie langer ure as wat amptelik verwag word nie.

5.9.3 Die essensie van Subjek I se protokol

Subjek I sê dat psigiese uitbranding se oorsprong nie in die daaglikse hantering van probleme in die werkskonteks geleë is nie, maar in individuele ontwikkeling en primêre verhoudings. Sy poog bewustelik om angstige en skuldgevoelens oor werk te verminder en werk nie langer as wat amptelik verwag word nie. Sy maak aktief gebruik van geleenthede vir ontspanning wat in die werkskonteks bestaan. Personeel wat nie uit eie beweging van haar professionele dienste gebruik maak nie, bring mee dat sy haar professionele rol bevraagteken. Haar professionele insette het weinig impak as gevolg van die polisiepersoneel se onvermoë tot selfbegrip en aanvaarding van eie aanspreeklikheid. Sy het gevolglik besluit om slegs persone professioneel te konsulteer wat dit vrywillig doen. Haar professionele rol is om 'n ruimte te skep om gevoelens te deel en bystand en ondersteuning te verleen. Sy verkies egter om meer eksploratief te werk en dieperliggende persoonlike

groei te fasiliteer en te mobiliseer. Sy verkies om kinders te konsulteer waar resultate vinniger bereik word.

5.10 Essensie van gegroepeerde temas van al 9 subjekte se protokolle

5.10.1 Professionele rol is veeleisend en indringend

Die veeleisende en indringende aard van die professionele rol het sy beslag in die mate van verantwoordelikheid en druk wat sielkundiges ervaar in reaksie op die gemoniteerde verwagting om deurlopend eties en professioneel op te tree. Die verskaffing van goeie en omvattende versorging en rekenskap vir die psigiese gesondheid van alle Suid-Afrikaanse Polisiepersoneel, insluitend die direkte betrokkenheid by terapeutiese intervensies is veeleisend. Dit is uitputtend om aanspreeklik gehou te word vir belangrike professionele en etiese beoordelings en besluite. Dit word nie deur ander persone in die organisasie verstaan nie. Die verwagting om pligte wat buite die professionele opleidings- en kundigheidsveld is te verrig, plaas druk op sielkundiges en verantwoordelikheid word aanvaar om op 'n buitengewone hoë standaard daaraan te voldoen. Sielkundiges is van mening dat psigiese uitbranding deur interdisiplinêre hulp van 'n toegepaste kundigheidsveld teëgewerk kan word (C6; E13; B5; A5; A7; A8; A9; D8; D9).

5.10.2 Onvoldoende eie emosionele versorging en selfeksplorاسie

Die oormaat energie wat aan werksaangeleenthede spandeer word en die uitermatige blootstelling aan ander se emosies lei tot beperkte energie vir die eksplorاسie van eie gevoelens, asook 'n distansiëring van eie en ander se emosies. 'n Gedrewendheid teenoor 'n konstante hoë werkslading bestaan, asook 'n voortdurende beskikbaarheid vir hulpgewing. Dit verg hoë persoonlike opofferings en benadeel eie emosionele versorging verder. Dié onvoldoende eksplorاسie en emosionele versorging beïnvloed interpersoonlike verhoudings (A2; A15; A16; A17; E20; D5, H4).

5.10.3 Gevoelens ten opsigte van die werksomgewing

Sielkundiges ervaar magteloosheid, woede, frustrasie en vernedering in die werkskonteks. Die effek is intens en verwarrend en dit is moeilik om betekenis daaraan te heg, asook te hanteer en hulle voel soms soos draers van ongedifferensieerde emosies. Daar is 'n poging om angstige en skuldgevoelens bewustelik te verminder (A14; A18; A19; I7; F2; F3; G3).

5.10.4 Hoë werkslading wat met tydsdruk gepaard gaan

'n Konstante hoë werkslading bestaan en daar is nie genoeg tyd beskikbaar om van ondergeskikte personeel se standaard van werksaamhede vergewis te word nie (A4; A10).

5.10.5 Onvoldoende ondersteuning

Dit is frustrerend as die institusionele outoriteit geen tasbare ondersteuning of bestuurshulp om werk uit te voer, bied nie. Gevoelens van isolasie bestaan en sielkundiges reken nie meer daarop dat daar aan hul behoeftes voldoen sal word nie (A13; E9; E5; C8; H6).

5.10.6 Oordrewe pligsbesef

Die persoonlike ingestelheid van 'n oordrewe pligsbesef maak sielkundiges 'n risikofaktor vir psigiese uitbranding (A6).

5.10.7 Behoefte aan eie versorging

Dit is belangrik dat sielkundiges eie laagtepunte en gepaardgaande gevoelens, asook behoeftes aan ondersteuning erken en eksploreer. Hulle sal meer opgewasse voel as persoonlike kwessies by die werk gedeel word en 'n byeenkoms waar gemeenskaplikhede bespreek kan word, is nodig. Geleenthede by die werk vir ontspanning word aktief gebruik en

ondersteuningsisteme moet ook gebruik word. Die ondersteuningsisteme moet wel kennis dra dat steun benodig word (A1; E1; B8; I6; H5; G8).

5.10.8 Betrokkenheid by onmiddellike werksomgewing

Daar is 'n onbetrokkenheid en verwydering tussen die institusionele outoriteit en die meeste sielkundiges se onmiddellike werksomgewing. Psigiese uitbranding is gevolglik nie vir die institusionele outoriteit 'n risiko nie (B11; A12).

5.10.9 Beheer neem van werksituasie

Sielkundiges wil meer beheer van die werksituasie neem deur grense duideliker te stel en prioriteite in hul werk te stel. Geen langer ure as wat amptelik verwag word, word gewerk nie. Daar bestaan geen skuldgevoelens hieroor nie (A11; I8; B10).

5.10.10 Werk is nooit voltooi nie en is nie in staat om daarvan te onttrek nie

Die spesifieke tipe werksaamhede en 'n gebrek aan afstand en 'n gevoel van voltooiing dra by tot die ervaring van psigiese uitbranding. Afstand moet tussen die sielkundige en die werk gestel word ter wille van hul eie welstand en oorlewing (F1; H1; H2; B4).

5.10.11 Unieke ervaring wat ooreenstemming met stres toon

Elke persoon se ervaring van psigiese uitbranding is uniek en toon ooreenstemming met stres (F4).

5.10.12 Nie-ek optrede

Psigiese uitbranding kom voor wanneer ongewone gedrag, wat nie eie aan die individu is nie, geopenbaar word (F5).

5.10.13 Word taakgerig, onttrek en skep afstand vanaf ander persone

Psigiese uitbranding is waarneembaar as ongewone gedrag, byvoorbeeld wanneer sielkundiges vanaf hulle eie gesin van oorsprong onttrek en ander persone se welsyn ook nie meer belangrik geag word nie. Dit openbaar ook as daar nie genoegsame afstand teenoor kliënte gehandhaaf word nie en afstomping of ooremosionaliteit intree. Waarneming en waardering vir die omgewing en 'n wyer perspektief word ook afgestomp en ingeperk. Bestuurstake word verkies aangesien daar geen emosionele eise gestel word nie (F6; F7; D4, D6; D7; E16).

5.10.14 Rol van primêre gesinsverhoudings en individuele ontwikkeling

Primêre gesinsverhoudings en individuele ontwikkeling is die oorsprong van psigiese uitbranding en nie daaglikse organisasieprobleme nie. Die organisasie is outoritêr en voorwaardelik en sielkundiges word nie genoegsaam ondersteun nie. Hulle voel geïsoleerd en eensaam. Dit is soortgelyke ervarings as wat met manlike en vroulike outoriteit in die gesin van oorsprong ervaar is (I1; I2; D2; A3).

5.10.15 Professionele bydrae het weinig impak en is onbevredigend

Die professionele rol van die sielkundiges in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie is een wat 'n ruimte skep vir die lug van gevoelens en bystandsverlening. Dié rol het weinig impak en word bevraagteken. Die verkose professionele rol sou wees om kliënte te konsulteer wat oor die vermoë tot selfbegrip en aanvaarding van eie aanspreeklikheid beskik en uit vrye wil meedoen. Daar is 'n behoefte om meer eksploratief te werk en dieperliggende groei te mobiliseer. Sielkundiges se eie ervarings kan hiervoor gebruik word (H3; I4; I5; I9; I3).

5.10.16 Eksterne fasiliteerder dra by tot eksplorاسie

'n Persoon wat neutraal en onverbonde ten opsigte van die organisasie is, maak die eksplorاسie en bereikbaarheid van psigiese uitbranding meer toeganklik en openhartig. Dit is aanvaarbaar om 'n persoon wat onverbonde en neutraal ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Polisie diens is, te konsulteer vir hulp. 'n Persoon verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens sal die fokus van geprojekteerde gevoelens wees (G1; E2; B2).

5.10.17 Voldoende energie en opgewasse voel vir die taak

Psigiese uitbranding is om nie meer opgewasse te voel en oor voldoende energie te beskik om hulpgewing aan ander te verskaf nie. Psigiese uitbranding realiseer vinnig en daar moet daarteen gewaak word (G2; G5).

5.10.18 Gebrek aan logistieke hulpmiddels

Die gebrek aan logistieke hulpmiddels bring ekstreme frustrasies mee (G4).

5.10.19 Verrig pligte buite professionele kundigheidsveld

Dit is druk en belemmerend om werksaamhede buite die professionele opleidings- en kundigheidsveld te verrig en sielkundiges voel ontoereikend en gefrustreerd daarmee. Die onvermoë van polisiepersoneel om tussen die tipes sielkundige professies te differensieer, dra daartoe by (G6; G7; B9; C3; C5).

5.10.20 Kontak met getraumatiseerde persone

Direkte kontak met getraumatiseerde persone is die oorsprong van psigiese uitbranding. Die oop en onbeheersde emosies na 'n traumatiese ervaring is uitermatig indringend en onaangenaam en bring mee dat die

normale afstand met 'n kliënt oorskry word. Hierdie ervaring is ontoeganklik vir die institusionele outoriteit wat by breë bestuursaangeleenthede betrokke is. Die emosies in 'n terapeutiese konteks is meer gekontroleerd en is makliker hanteerbaar (G9; D3; E10; E11, E12).

5.10.21 Organisasiesisteen hou probleme in stand en hulpverlening is inspanning

Die Suid-Afrikaanse Polisie diens organisasiesisteen hou probleme in stand en belemmer herstel. Die hulpverleningsproses is 'n posisie sonder mag en gaan met groot inspanning gepaard (B3; E17).

5.10.22 Konflikterende verwagtings

Psigiese uitbranding se oorsprong is in 'n tweestryd tussen eksterne verwagtings en eie verwagtings geleë. Die behoefte bestaan dat dit aanvaarbaar is om aan eie verwagtings te voldoen ongeag die eksterne verwagtings (B6; B7).

5.10.23 Konfrontasie met ongeïntegreerdheid

Gebrokenheid, ongeïntegreerdheid en onbeheerde emosies word onophoudelik teenoor sielkundiges in die Suid-Afrikaanse Polisie diens gestel en moet hanteer word (C1).

5.10.24 Behoefte tot gesprekvoering

'n Onkeerbare drang tot verbale gesprekvoering is 'n gevaarteken. Daar is nie altyd 'n geskikte ruimte om uiting daaraan te gee nie (C2).

5.10.25 Bevraagteken professionele rol

Beweegredes in die organisasie is nie duidelik nie. Die professionele rol word gevolglik voor optrede bevraagteken. Onttrekking van die professionele hulpverleningsrol vind plaas en twyfel bestaan oor die heraanneming daarvan (C4, E14).

5.10.26 Gebrek aan positiewe terugvoer

Leiding en positiewe terugvoer oor werksaamhede word benodig. Daar bestaan nie 'n struktuur hiervoor in die Suid-Afrikaanse Polisie diens nie en daar word beplan om dit buite die organisasie (byvoorbeeld via supervisie) te verkry (C7).

5.10.27 Eiesoortige Suid-Afrikaanse Polisie diens konteks

Die kwessies en gepaardgaande ervarings in die Suid-Afrikaanse Polisie diens is eiesoortig (E3; B1).

5.10.28 Moontlikheid van selfmoord

Die opinie bestaan dat binne die huidige werksomgewing daar die risiko is dat 'n sielkundige sal selfmoord pleeg. Dit sal skrikwekkende gevolge inhou (E4).

5.10.29 Onvoldoende ondersteuning vanaf huweliksmaat

Die huweliksmaat is onbetrokke en verwerpend teenoor sielkundiges se eie behoeftes en verleen nie genoeg bystand nie (E8).

5.10.30 Kennis en hantering van persoonlike kwessies

Kennis en bereidheid om eie persoonlike kwessies te eksploreer is moeilik, maar noodsaaklik aangesien dit gevoelens en reaksies teenoor

gesagstrukture bepaal. Hierdie kennis verhoed egter nie noodwendig psigiese uitbranding nie (E6; E7; D1).

5.10.31 Verandering van werksomgewing

Psigiese uitbranding sal slegs teëgewerk kan word as daar van werksomgewing verander word (E15).

5.10.32 Rol van toesighouer en supervisor

Die rol van toesighouer en supervisor plaas druk op sielkundiges aangesien 'n professionele diens van 'n hoë standaard gehandhaaf moet word sonder voldoende opgeleide professionele personeel. Hierdie personeel meen egter dat hul selfstandig genoeg is en oor genoegsame kennis beskik om 'n goeie diens te lewer (E18; E19).

5.11 Algemene sielkundige beskrywing van psigiese uitbranding

5.11.1 Die self en die professionele milieu

Daar is min begrip in die organisasie vir die druk wat professionele verantwoordelikheid op sielkundiges plaas. Rekenskap moet van alle polisiebeamptes se psigiese gesondheid gegee word en direkte terapeutiese kontak en goeie en omvattende versorging is 'n vereiste. Dit is 'n veeleisende rol wat ook ruimte moet skep vir die ventilering van gevoelens en die verlening van bystand. Dit is veeleisend en indringend om deurlopend eties en professioneel op te tree en korrekte besluite te neem. Sielkundiges bevraagteken hierdie rol omdat die organisasie se beweegredes nie vertrou word nie en onttrek toenemend daarvan. Twyfel bestaan oor die heraanneming van die rol. Die verkose rol is eerder om persone op 'n vrywillige basis te konsulteer wat eie aanspreeklikheid aanvaar en die vermoë tot selfbegrip het. Sielkundiges poog toenemend om beheer van die werksituasie te neem deur hul grense en prioriteite duidelik te stel, take

te weier en minder gedwonge te voel. Die behoeftes in die organisasie vereis dat werksaamhede buite sielkundiges se eie opleidings- en kundigheidsveld verrig moet word en hulle poog om op 'n buitengewone hoë standaard daaraan te voldoen. Dit plaas druk op hulle en laat sielkundiges onbeskermd voel. Hulp van 'n toegepaste aanverwante professie sal verligting bring. Die rol van toesighouer en supervisor is uitputtend aangesien 'n professionele diens van 'n hoë standaard gehandhaaf moet word sonder voldoende opgeleide persone.

5.11.2 Die self en die werksomgewing

Sielkundiges sal psigiese uitbranding alleenlik kan teëwerk as daar van werksomgewing verander word deur uit die organisasie te bedank. 'n Bewustelike besluit is geneem om nie langer ure as wat amptelik verwag word, te werk nie en nie skuldig daarvoor te voel nie. Die gebrek aan logistieke hulpmiddels bring ekstreme frustrasies mee.

5.11.3 Die self en outoriteit

Die organisasie is outoritêr en voorwaardelik en sielkundiges word nie genoegsaam ondersteun nie. Gevoelens van eensaamheid en isolasie word ervaar. Dit is soortgelyke ervarings as wat met manlike en vroulike outoriteit in hul gesin van oorsprong ervaar is. Kennis van hierdie persoonlike kwessies en 'n bereidheid om dit te eksploreer is moeilik, maar noodsaaklik aangesien dit gevoelens en reaksies teenoor outoriteit bepaal. 'n Onbetrokkenheid en verwydering tussen die institusionele outoriteit se werksomgewings en verantwoordelikhede en dié van sielkundiges bring 'n verwydering mee. Die institusionele outoriteit word nie aan die gebrokenheid en onbeheersdheid van emosies, veral na 'n traumatiese ervaring blootgestel nie. Psigiese uitbranding is gevolglik nie vir die institusionele outoriteit 'n risiko nie.

5.11.4 Die self en ongeïntegreerde emosies

Die oorsprong van psigiese uitbranding is die direkte kontak met getraumatiseerde persone en die onophoudelike gebrokenheid, ongeïntegreerdheid en onbeheerde emosies wat hanteer moet word. Dit is uitermatig indringend en onaangenaam en bring mee dat die normale afstand en grense teenoor 'n kliënt nie gehandhaaf word nie. Die emosies in 'n gewone terapeutiese konteks is meer gekontroleerd en makliker hanteerbaar.

5.11.5 Die self en die interaktiewe sfeer

Die hulpverleningsproses gaan met inspanning en uitermatige blootstelling aan ander persone se emosies gepaard. Psigiese uitbranding kom voor wanneer sielkundiges nie meer genoegsame afstand teenoor kliënte handhaaf nie en afstomping of ooremosionaliteit intree. Hulle raak minder op mense en hulle welsyn ingestel en meer taakgerig en verkies bestuurstake waar geen emosionele eise gestel word nie. Waarnemingsvermoë vir 'n wyer perspektief raak ook afgestomp. Psigiese uitbranding is verder waarneembaar as ongewone gedrag soos onttrekking vanaf betekenisvolle ander. 'n Onkeerbare drang tot verbale gesprekvoering is 'n gevaarteken en daar is nie altyd 'n geskikte ruimte om uiting daaraan te gee nie. Dit is belangrik dat behoeftes aan ondersteuning erken en eksploreer word. Huweliksmaats is onbetrokke en verwerpend teenoor sielkundiges se behoeftes en verleen nie genoeg bystand nie. Die ondersteuningsstelsel moet wel kennis dra dat steun benodig word en gebruik wil word. Psigiese uitbranding word verder veroorsaak deur 'n tweestryd tussen eksterne verwagtings en eie verwagtings. Daar is 'n behoefte om aan eie verwagtings te voldoen, ongeag die eksterne verwagtings se teenwoordigheid.

5.11.6 Die self en die organisasie

'n Konstante hoë werkslading bestaan en sielkundiges moet voortdurend beskikbaar wees vir hulpgewing. Die organisasie hou egter probleme in stand en belemmer kliënte se herstel. Daar is ook geen tasbare ondersteuning of bestuurshulp in die organisasie vir sielkundiges nie en die hulpverleningsproses is 'n posisie sonder mag. Dit laat hulle magteloos, gefrustreerd en geïsoleerd in die werkskonteks voel en hul reken nie meer daarop dat genoemde behoeftes bevredig sal word nie. Hierdie effek is intens en verwarrend en dit is moeilik om sin daaruit te maak en te hanteer. Daar is ook pogings om skuldgevoelens en angstige gevoelens bewustelik te verminder. Sielkundiges benodig leiding en positiewe terugvoer oor hul werksaamhede en sal meer opgewasse voel as persoonlike kwessies by die werk gedeel kan word. Dit is aanvaarbaar om 'n onverbode en neutrale persoon te konsulteer vir hulp, aangesien 'n persoon verbode aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens die fokus van geprojekteerde gevoelens sal wees. Sodoende word die eksplorاسie en bereikbaarheid van psigiese uitbranding meer toeganklik en openhartig. Byeenkomste waar gemeenskaplikhede bespreek kan word, is nodig. Psigiese uitbranding sal slegs teëgewerk kan word as hulle uit die organisasie bedank.

5.11.7 Verhouding met die self

Persoonlike ontwikkeling speel 'n rol in die ontstaan van psigiese uitbranding en is vir elke sielkundige 'n unieke, eiesoortige ervaring. Dit manifesteer as ongewone gedrag wat nie eie aan die self is nie en ook om nie meer opgewasse te voel om eise te hanteer nie. 'n Oordrewe pligsbesef maak sielkundiges 'n risikofaktor vir psigiese uitbranding en die oormaat energie wat aan werksaangeleenthede spandeer word, verg hoë persoonlike opofferings. Die uitermatige blootstelling aan ander se emosies dra hiertoe by en lei tot beperkte energie vir die eksplorاسie van eie gevoelens en persoonlike kwessies. Dit bring



onvoldoende eie emosionele versorging by sielkundiges mee. Dit is egter belangrik dat eie laagtepunte en gepaardgaande gevoelens, asook behoefte aan ondersteuning erken word. Selfmoord deur 'n sielkundige is 'n groot moontlikheid en sal verreikende gevolge hê.

HOOFTUK 6

BESPREKING EN INTEGRASIE

6.1 Inleiding

In die hoofstuk wil die navorser die geïntegreerde ervaringsrealiteit van psigiese uitbranding by sielkundiges in die Suid-Afrikaanse Polisie diens eksplorieer. Om hieraan te voldoen, gaan die gesamentlike integrasie van die navorsingsresultate, soos in hoofstuk 5 verkry is, eers onder 6.2 weergegee word. Daarna volg 'n uitgebreide bespreking waarin die raakvlakke en verskille in die bestaande literatuur uitgewys word, asook 'n alternatiewe siening wat op die navorsingsresultate gebaseer en met verwysing na die literatuur daargestel is. Die relevansie hiervan vir die Suid-Afrikaanse Polisie diens word uitgewys en die hoofstuk word met kommentaar oor die studie afgesluit.

6.2 Integrasie van die navorsingsresultate

Die ervaring van psigiese uitbranding word met 'n gebrek aan begrip, erkenning en ondersteuning vir die professionele rol van die sielkundige in die organisasie geassosieer. Die professionele rol is gedwonge deurdat verantwoordelikheid vir die psigiese gesondheid van alle personeel in die Suid-Afrikaanse Polisie diens, insluitende die effektiewe bestuur van traumagevalle en -insidente, geneem moet word. Direkte terapeutiese kontak maak deel uit van die rol, maar sluit ook proaktiewe intervensies in.

Sielkundiges meen dat meer klem op die reaktiewe aspek van hul professionele rol geplaas word deurdat hul meestal personeelprobleme moet hanteer. Daar bestaan 'n groot vraag na hierdie intervensies. Die sielkundiges se rol in die oplossing en hantering van personeelprobleme is stresvol en gaan met inspanning en 'n groot hoeveelheid blootstelling aan ander se emosies gepaard. Sielkundiges ervaar geen tasbare ondersteuning of bestuurshulp vir hul

professionele rol nie en die hulpverleningsposisie is sonder mag of die nodige outoriteit. Sielkundiges voel dat hul professionele rol en bydrae nie belangrik is nie en nie as van waarde beskou word nie.

Psigiese uitbranding is 'n ervaring wat in die spanningsveld van 'n gedwonge en oorinsluitende professionele rol met 'n hoë vlak van blootstelling en verantwoordelikheid plaasvind. In die professie wil sielkundiges minder gedwonge voel en eerder persone wat eie aanspreeklikheid aanvaar en die vermoë tot selfbegrip het op 'n vrywillige basis konsulteer. Sodoende sal sielkundiges ervaar dat hul werksaamhede 'n verskil maak en 'n bydrae lewer. Sielkundiges poog op dié manier om die oorinsluitende verantwoordelikheid en aanspreeklikheid te verminder en ook hulself teen die probleme, wat kompleks en ineengeskakel in die organisasie is, te beskerm. Sodoende wil hul die indringende aard van die organisasie en personeelprobleme se effek op hulself in bedwang hou. Hulle wil meer beskerm voel en hul eie grense en prioriteite duideliker stel en so poog om angs en skuldgevoelens te verminder.

Sielkundiges ervaar die bestuurstyl in die organisasie as outokraties en voorwaardelik. Hulle ervaar gevoelens van eensaamheid en isolasie in die organisasie en voel magteloos en ontnugter en glo nie dat hul behoeftes bevredig sal word nie. Sielkundiges voel nie meer opgewasse om eise te hanteer nie en onttrek toenemend van die eise asook die ekstreme blootstelling aan andere se emosies. Sielkundiges ervaar dat hul werksaamhede hoë persoonlike opoffering verg deurdat dit baie insette en aandag vereis. Dit word geïntensifiseer deur die feit dat sielkundiges 'n groot verantwoordelikebesef het. Dit lei tot beperkte vryheid om hul eie emosies en persoonlike kwessies wat eie, onvoldoende emosionele versorging meebring, te eksploreer. Hul ervaar gevolglik dat die verlangde professionele grense in pasiënteverhoudings nie gehandhaaf word nie en in werklikheid ineenstort. Hierdie ineenstorting manifesteer as óf oorbetrokkenheid by pasiënte óf emosionele afstomping teenoor pasiënte. Dit geld veral vir traumagevalle waar die emosies intens en ongekontroleerd is.

Sielkundiges raak minder op mense en hul welsyn ingestel en onttrek doelbewus deur meer taakgerig te word. Hulle verkies bestuurstake waar geen emosionele eise gestel word nie. Die onttrekking vanaf mense en die emosionele eise daaraan verbonde, is so intens dat dit gevoelens van isolasie en vervreemding meebring. Sielkundiges ervaar dit ook in hul persoonlike verhoudings.

Sielkundiges besef dat hul eie behoeftes aan ondersteuning, asook hul eie laagtepunte en gepaardgaande gevoelens, erkenning en eksplorاسie benodig. Vroeë persoonlike ontwikkeling speel 'n rol in die ontstaan van psigiese uitbranding deurdat vorige reaksies en patrone deur huidige ervarings heraktiveer word en soortgelyke gevoelens meebring. Die beleving van die institusionele outoriteit se outoritêre en voorwaardelike ingesteldheid lei tot emosionele reaksies soortgelyk aan dié wat hul teenoor outoriteitsfigure in hul gesin van oorsprong ervaar het. Kennis hiervan is noodsaaklik, aangesien dit gevoelens en reaksies teenoor die institusionele outoriteit bepaal. Sielkundiges sou verkies dat die institusionele outoriteit meer ondersteunend en begrypend is.

Dit is veeleisend en indringend om deurlopend eties en professioneel op te tree en korrekte besluite te neem. Hierdie aspek word vererger deurdat die behoeftes in die organisasie vereis dat werksaamhede buite sielkundiges se eie opleidings- en kundigheidsveld verrig moet word. Dit laat hul onbeskermd voel en die rol van toesighouer en toesighouer vir ander sielkundiges en psigometriste plaas ook verdere druk op sielkundiges en is uitputtend.

6.3 Bespreking van die navorsingsresultate

Uit die literatuurstudie het dit duidelik geblyk dat psigiese uitbranding 'n unieke individuele proses is wat met die werksomgewing en spesifiek met die professionele rol van hulpverlening en die emosionele druk daarvan geassosieer word. Die literatuur dui verder aan dat individue wat 'n hoë verwagting van hul werk het en toegewyd is, 'n hoë risikofaktor blyk te wees. 'n Afname in psigiese

en fisiese energie is sentraal en fisiese en psigiese simptome is teenwoordig. 'n Negatiewe self- en werksidentiteit is kernaspekte. Die literatuur oor psigiese uitbranding is behalwe bogenoemde aspekte ook verwarrend en teenstrydig. Daar bestaan min konsensus ten opsigte van die uiteenlopende oorsake (individuele, groeps- en organisasiefaktore), simptome, denkraamwerke, definisies, identifisering- en hanteringskale, gevolge en die proses van psigiese uitbranding.

Verskeie outeurs (Strumpher: 1995; De Klerk: 1995; Farber: 1983) is dit eens dat daar verbande tussen veranderlikes, bepaalde oorsake en gevolge en al die bydraende sisteme, bv. die organisasiekultuur en –waardes, bestaan. Outeurs maak steeds min vordering om van die ongeïntegreerde en onsistematiese beskrywing van die verbande weg te beweeg. Hulle poog om verbande tussen die feite en faktore te beskryf, maar 'n indiepte begrip vind nie plaas nie. Die verskynsel word nie beter beskryf of verstaan nie.

Meier het al in 1984 gesê dat daar in werklikheid 'n oplossing vir 'n onbekende, onduidelike verskynsel gesoek word. De Klerk (1995:8) ondersteun hierdie siening, maar Thornett (2000:38) gaan steeds voort met hierdie oorinsluitende, non-spesifieke inligting. Dit is dus duidelik dat daar baie min in die benaderings en perspektief waarmee psigiese uitbranding beskou word, verander.

Die literatuur is dit wel eens (Hoofstuk 2: 2.9 & 2.10) dat psigiese uitbranding 'n komplekse verskynsel is wat uit verskillende aspekte bestaan. Hieruit word afgelei dat 'n samehangende, geïntegreerde teoretiese verklaring wat die dinamiese en wederkerige verbande tussen die individu, die werk, die groep en sosiale funksionering, asook organisasie kan beskryf, nodig is. De Klerk (1995:6-8) is 'n outeur wat uitstaan met haar beklemtoning van die behoefte aan geïntegreerdheid wat uiteindelik die huidige stand, wat sy 'n tref-en-trap situasie noem, aanspreek.

Die doel van hierdie studie is nie om die aspekte waaroor die literatuur duidelikheid het by 'n ander navorsingspopulasie te herbevestig nie. Die studie

is eerder eksploratief en gebruik groeepanalise en 'n eksistensiële-fenomenologiese metodologiese raamwerk om die genoemde leemtes wat in die veld van psigiese uitbranding bestaan, aan te spreek. Dit kan geensins al die aspekte en leemtes belig nie. Terselfdertyd is dit die eerste studie oor psigiese uitbranding by sielkundiges in die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Die navorsers se ingesteldheid is om meer geïntegreerde en samehangende inligting wat die verbande kan beskryf, te verkry deur op die verskynsel soos wat dit homself bekendmaak, te fokus.

Uit die navorsingsresultate is dit duidelik dat ervarings van psigiese uitbranding 'n realiteit by sielkundiges in die Suid-Afrikaanse Polisiediens is. Dit is ook 'n ervaring wat deur sielkundiges uit verskillende geografiese omgewings in Suid-Afrika gedeel is. Die studie beklemtoon en dui ook op die noue wederkerige en komplementêre verbintenis tussen die individuele en sosiale matriks, asook sosiale realiteite. Hierdie is 'n aspek wat die groeepanalitiese perspektief beklemtoon en dus 'n raamwerk om die verbande te eksplorieer en te integreer, verskaf. Die proses en inhoud van die groepsverskynsels waarbinne en waarteen psigiese uitbranding manifesteer, kan gelyktydig, maar ook afsonderlik beskryf word om sodoende dié verskynsel te belig. 'n Uitgeputte individu met fisiese en psigiese simptome wat onproduktief is, is dus slegs die oppervlakte en sigbare van psigiese uitbranding.

Alhoewel daar raakpunte met die literatuur is, word daar op die bydrae van hierdie studie gefokus. 'n Groot verskil is dat dié studie se navorsingsresultate beskrywend van aard is met die klem op die eie unieke ervarings van die sielkundige. Die groeepanalitiese perspektief slaag daarin om die individuele, groeps-, kollektiewe vlak en die sosiale realiteit te belig en toeganklik te maak. Die aard van groeepanalise skep 'n groep-as-geheel realiteit waarbinne al die genoemde vlakke teenwoordig is en waar die organisasie en sosiale faktore weerspieëling vind. Dit beklemtoon die feit dat geen individu in isolasie verstaan kan word nie.

Die navorsingsresultate sien daar dus anders uit deurdat die sogenaamde

bydraende sisteme in die literatuur, byvoorbeeld die organisasiekultuur en -waardes en sosiale faktore weerspieël word en geïntegreerd weergegee word. Die navorsingsresultate verskil verder in die opsig dat daar nie net voorafopgestelde vraelyste deur individue voltooi is of individuele onderhoude gevoer is nie, maar wel individuele onderhoude in 'n groepskonteks waar die reflektering deur 'n groepservaring (werkwinkel) voorafgegaan is. Sodoende het die groep die geleentheid verskaf om ooreenkomste en verskille tussen die ervaring van psigiese uitbranding te verskaf. Die individue praat in werklikheid vir die groep en die individue word ook deur die groep verteenwoordig.

Die navorser meen dat dit belangrik is om op hierdie stadium nie slegs 'n bespreking te hê of 'n vergelyking tussen byvoorbeeld sekere simptome, oorsake en fases van psigiese uitbranding wat in die bestaande literatuur vervat is en die navorsingsresultate te tref nie. Dit sal juis meebring dat die rykheid van die ervaringsveld onderbenut bly. Dit is een van die uitstaande kontraste met die bestaande literatuur en die uitdaging vir die navorser is om getrou aan die beskrywende perspektief, wat deur middel van die groepservaring sy beslag gekry het, te bly.

Die navorsingsresultate beklemtoon die integrasie, asook die wederkerigheid van psigiese uitbranding. Dit wys daarop dat psigiese uitbranding nie net as 'n individuele intra-psigiese proses manifesteer of net met die sielkundige se spesifieke rol in die Suid-Afrikaanse Polisiediens te doen het nie of net op bestuursvlak van die organisasie geleë is nie. Die navorsing se fokus is nie om die kleingroepproses (dus die onbewuste proses) wat in die werkwinkel-ervaring ontstaan het, te beskryf nie, maar eerder die navorsingsvraag se resultate (dus die bewuste proses van reflektering) te beskryf. Die kleingroep as datagenererende konteks, die navorsingsvraag en die wye gespreksformaat het tot refleksie oor individuele en kleingroepervarings, maar ook oor die sosiale realiteit gelei. Die analisering van die gedeelde groepservaring het ook aangedui hoe die sielkundiges oor die totale sosiale konteks gereflekteer het.

Die volgende argument word geformuleer om uitdrukking aan 'n alternatiewe

siening van die belewing van psigiese uitbranding te gee. Psigiese uitbranding is op individuele, kleingroep-, maar ook die grootgroeplak gesetel. Wat hieruit volg, is dat die wederkerigheid en verbande van die genoemde vlakke in ag geneem moet word om psigiese uitbranding te beilig. De Maré (1975:91) verskaf 'n skema wat die struktuur van die drie realiteite se agtergrond verskaf:

STRUKTUUR (konteks)	ENERGIE	PROSES	INHOUD
<i>Psigoanalise</i> Individueel/Twee persone Verhouding Diad Egosentries	<i>Libidinaal</i> Wensvervulling Plesierbeginsel	<i>Vrye assosiasie</i>	<i>Oordrag</i> Intrapersoonlik Tweeledige denke
<i>Kleingroep</i> 6-8 persone Groeppsigoterapie Werkwinkel Gesin gesentreer Hiërargies	<i>Anti-libidinaal</i> Frustrasie / haat Oedipaal Realiteitsbeginsel	<i>Groepsassosiasie</i>	<i>Transposisie</i> Interpersoonlik Groepsmatraks
<i>Grootgroep</i> 20 persone of meer Organisasies Samelewing Affiliasie Meervoudig Sosiosentries	<i>Sosio-kultureel</i> Kognitiewe energie Betekenisbeginsel	<i>Dialog</i>	<i>Transformasie</i> Sosiale matraks Laterale denke

Tabel 6.1

Die navorser sal bogenoemde aspekte gebruik om as indeling vir 'n bespreking en integrasie van die navorsingsresultate te dien. Die kleingroepervaring het as agtergrond vir die subjekte gedien om oor al drie die vlakke te kon reflekteer. Die volgende punte word gevolglik as breë raamwerk gebruik. Dit is nie net in verband en wederkerig met mekaar nie, maar ook met die individuele self.

- die verhouding met die self

- die self en die interaktiewe sfeer
- die self en die professionele rol
- die self en die organisasie
- die self en die sosiale sfeer.

Die verhouding met die self word as deel van die individuele konteks beskou, die interaktiewe en sosiale sfeer is deel van die kleingroepkonteks, en die professionele rol, sosiale sfeer en die organisasie is deel van die grootgroepkonteks. Al drie kontekste is relevant en teenwoordig.

In die literatuurhoofstuk oor groeepanalise het dit duidelik na vore gekom dat 'n ontwikkelingsbenadering gevolg word om die groepsproses te verstaan. Ashbach en Schermer (1987: 3-4) sê dat individuele ontwikkeling en groepsaktiwiteite op 'n kontinuum geplaas kan word. Groepe en groepslidmaatskap vorm deel van ontwikkelingstake en -mylpale in die simbiose- / skeiding- / individualisasie-proses. Kleingroep- en grootgroeplidmaatskap word dus 'n belangrike en integrale deel van die sosiale en interaktiewe realiteit. Genoemde outeurs het dan ook verbindingsparadigmas verskaf om individuele objekverhoudings, selfsielkunde en groeepanalise te verbind. Die geïntegreerde paradigmas veronderstel dan dat die innerlike lewe van die individu deur middel van menslike interaksie na sosiale ervarings en sosiale sisteme getransformeer word. By individuele ontwikkeling word die ontwikkeling van die self as 'n belangrike ontwikkelingsmylpaal beskou. Dit is die finale deel van 'n persoon se bereiking van integrasie en kohesie. Vorming van 'n geïntegreerde eie identiteit is dus sentraal.

Kohut (in Ashbach en Schermer: 1987:87) meen verder dat 'n gevoel van kohesie 'n belangrike element in die ontwikkeling en bestaan van die self is. Hierdie kohesie, integrasie en uiteindelijke totstandkoming van eie identiteit word in die kind deur empatiese spieëling vanaf die moeder gefasiliteer. Die beginsel van spieëling is dus hier sentraal en Kohut se siening stem verder ooreen met dié van Foulkes, naamlik dat groepe en groepslidmaatskap spieëling vir die individu verleen. Spieëling vind dus op infantiele en volwasse vlak plaas.

Volwasse spieëling herstel en vergroot die self deur middel van empatiese kommunikasie en die gedifferensieerde deelname in groepe en die sosiale omgewing. Spieëling en empatiese resonansie is dus nodig vir die individu vir die gevoel van eie waarde, waarde vir ander, aanvaarding en uiteindelik ook eie identiteit.

Daar kan geredeneer word dat die sielkundige, as individuele self, voortdurend spieëling vanaf en deur middel van die verskillende rolle en kontekste waarin beweeg word, ontvang. Die self staan dus sentraal in die aanneming van die rol, maar die professionele rol word ook 'n bron van spieëling en empatiese resonansie vir die self. Eie identiteit gee definisie aan die rol en die rol gee weer definisie aan die eie identiteit en versterk die gevoel van self. Die self word dus in werklikheid 'n tussenganger of 'n bemiddelaar tussen die verskillende rolle en kontekste (Sien fig. 6.1). Die navorser gebruik die woord 'self', aangesien dit op die subjektiewe eie gevoel van ek, wat eie identiteit en 'n gevoel van kohesie omvat, dui, en die finale bereiking van integrasie is. Die woord 'persoon' daarenteen, dui op die uitvoerder van gedrag.




Fig 6.1 Die wederkerigheid van psigiese uitbranding.

Psigiese uitbranding kan nie veralgemeen word nie omdat dit selfs in dieselfde professionele groep, naamlik sielkundiges in dieselfde organisasie, 'n eiesoortige en unieke ervaring is. Die persoonlikheidseienskap van oordrewe

pligsbesef speel 'n belangrike rol in die manifestasie en ontwikkeling van psigiese uitbranding. Persone vir wie dit dus belangrik is om nougeset en toegewyd in hul werk te wees, is 'n risikofaktor vir psigiese uitbranding.

Die oormaat professionele toewyding aan werksaangeleenthede, verg hoë persoonlike opofferings. Uitermatige blootstelling aan ander se emosies lei tot beperkte eksplorاسie, asook kontak met eie gevoelens. Dit lei tot onvoldoende emosionele versorging en dus 'n distansiëring vanaf die self, wat uiteindelik tot nie-ek gedrag, wat nie eie aan die self is nie en nie is soos die sielkundige gewoonlik optree nie, lei. Dit kan gestel word dat ontkenning en repressie as individuele verdedigings hier teenwoordig is.

Die impak op die self vererger en intensifiseer in die interaktiewe sfeer waar kontak met getraumatiseerde persone konfrontasie en blootstelling aan onophoudelike gebrokenheid en ongeïntegreerdheid behels. Die geassosieerde emosies is baie meer onbeheersd as in 'n normale terapeutiese konteks en het tot gevolg dat die hulpverleningsproses baie meer inspanning behels. Die grense en afstand wat normaalweg in die interaktiewe sfeer gehandhaaf word, word nou oorskry. Ooremosionele betrokkenheid of afstomping van emosies en toenemende taakgerigtheid is 'n belangrike teken van psigiese uitbranding in die terapeutiese hulpverleningsproses. Hierdie onttrekking word verder na persoonlike verhoudings met betekenisvolle ander, byvoorbeeld vriende, gesinslede en familie, gevoer en verbale gesprekvoering is meer geïnhibeerd.

Dit kan gestel word dat daar toenemende isolasie plaasvind en die persoon se kontak en ondersteuning, wat uiters noodsaaklik is, word afgesny. Alternatiewe spieëling, weg van die hulpverleningsproses en die professionele omgewing, vind nie meer plaas nie. Alternatiewe spieëling is noodsaaklik omdat daar in 'n konteks waar hulpgewing nie plaasvind nie, minder emosies hanteer of geventileer word. Die vlak van gebrokenheid en ongeïntegreerdheid is ook minder. Vir die sielkundige om 'n geïntegreerde self te behou, is spieëling wat empatiese kommunikasie bevat, nodig. Hierdie empatiese kommunikasie vind nie vir die sielkundige in 'n hulpgewende rol plaas nie (maar wel vir die pasiënt

/ klient), en moet op 'n alternatiewe plek gevind word. Alternatiewe spieëling sal slegte-ek en nie-ek ervarings vir die sielkundige reduseer en voorkom en 'n gevoel van kohesie versterk. Die persoon vind dit dus al hoe moeiliker om op 'n spontane, gemaklike wyse toe te tree. Die teenoorgestelde ooremosionaliteit manifesteer in die behoefte tot verbale gesprekvoering. Die self ossileer in werklikheid tussen die twee ongemaklike posisies en is 'n onsuksesvolle mediator van die grense.

In die sosiale sfeer speel die huwelikslewe 'n rol by psigiese uitbranding. Hierdie belangrike ondersteuningsstelsel vervul nie die verwagte behoeftes van begrip en bystand nie. Die resultate toon dat van die sielkundiges hul huweliksmaats as onbetrokke teenoor hul behoeftes ervaar. 'n Behoefte aan ondersteuning in 'n persoonlike verhouding, waar gevoelens, frustrasies en probleme gelig en bespreek kan word, bestaan. Die behoeftes wat nie bevredig word nie, is spieëling en kommunikasie aan sielkundiges in hul persoonlike verhoudings dat hulle nie goed genoeg is nie en dat die behoeftes nie belangrik is nie.

Die swak en ingeperkte kommunikasie in die werksverband word na die huweliksverhouding oorgedra. (Die moontlikheid van sekondêre traumatisering van huweliksmaats deur sielkundiges is ook nie uitgesluit nie.) Die huweliksmaat voel nie deel en word ook nie deel van die werkservaring gemaak nie omdat daar nie genoegsaam gekommunikeer word nie. Die sielkundiges kan die ervaring van viktimisasie in die organisasie ook in die huweliksverhouding ervaar. Effektiewe kommunikasie in persoonlike en huweliksverhoudings moet aangemoedig word om gevoelens van isolasie en slegte-ek en nie-ek ervarings te verhoed. Sielkundiges behoort hul huweliksmaats van die impak van die werksaamhede op hul as individue in kennis te stel. Die openheid en geleentheid tot kommunikasie, asook die bewuste poging om dit in stand te hou, sal as ondersteuningsmeganisme en alternatiewe spieëling van empatiese kommunikasie dien.

Dit word van professionele sielkundiges in enige omgewing verwag om altyd eties en professioneel op te tree en korrekte besluite te neem. Wat maak dié

aspek en die professionele rol van die sielkundiges in die Suid-Afrikaanse Polisiediens so veeleisend en vol druk vir die individuele sielkundige? Die self en veral professionele identiteit kom hier ter sprake. Indien 'n sielkundige professioneel registreer en sy studies voltooi het, word die self en eie identiteit met die aanneem van 'n professionele identiteit uitgebrei. Daar vind dus 'n wederkerige interaksie tussen die self en die professionele identiteit, kundigheid en waardes plaas. Daar ontwikkel dan 'n geïntegreerde en gedifferensieerde professionele identiteit en die sielkundige identifiseer met en introjekteer die professionele waardes van sy profesie op dié wyse. Hierdie identiteit kom dan in 'n wederkerige interaktiewe verhouding en spieëling met die professionele rol van wat in die organisasie verwag word en watter pligte vervul moet word, voor.

Die professionele rol van die sielkundige in die Suid-Afrikaanse Polisiediens is 'n rol wat nie genoegsame erkenning, begrip en ondersteuning ontvang nie. Sielkundiges ervaar dat hul professionele rol en hul bydraes en werksaamhede min effek en impak het. Hul ontvang ook nie genoeg positiewe terugvoering en aanvaarding vir die rol nie. Die algemene eienskap hiervan kan gedefinieer word as die besef dat die organisatoriese struktuur vanuit sekere veronderstellings funksioneer wat dit aanvaarbaar maak om sekere onbekwaamhede na die sielkundiges te rig. Dit is duidelik dat die grootgroeperspektief se aard, struktuur en funksies gebruik moet word om dit te beskryf.

Een van die baanbrekers van die grootgroeperspektief is Patrick de Maré. De Maré (1985:79) sê dat individuele psigoanalise of die kleingroep nie universele sosiaal-kulturele aspekte kan aanspreek nie. Hy sê dat dit alleenlik in die grootgroep is waar spesifieke mini-kulturele dimensies begin verskyn wat as vertrekpunt gebruik kan word om die sosio-kulturele, asook persoonlike subkultuur wat alomteenwoordig is, te ondersoek. De Maré (1985:79) gaan sover as om te sê dat dit die sielkunde van organisasies en kulturele dimensies slegs vanuit die grootgroepraamwerk geëksploreer kan word. Volgens hom het die grootgroep 'n teenstellende rol teenoor die kleingroep. Die kleingroep se fokus is emosies, terwyl die grootgroep se fokus is.

Die grootgroep het die potensiaal om 'n denkende apparaat te wees wat laterale denke aanmoedig en transpersoonlik funksioneer en wat uiteindelik transformasie en groei kan bewerkstellig. Dit is 'n hoogs sensitiewe medium en apparaat vir die voortbring van denke. Hiervoor moet die nodige ruimte in terme van tyd en plek gegee word om die matriks genoegsaam te laat ontwikkel (De Maré: 1975:152-153).

Die grootgroep het egter in teenstelling ook die potensiaal om emosies te genereer wat maklik onregeerbaar en onbeheerbaar is. Dit kan 'n skrikwekkende en angstige ervaring vir die individu wees en as 'n objek met vervolgingsinhoud beleef word. De Maré (1975:155) sê dat by die individuele konteks die indringing van onbewuste faktore 'n bedreiging is, terwyl dit by die grootgroep eerder die ekwivalent van bewuste faktore, naamlik kommunikasie en organisasie, is wat bedreig word. Die grootgroep se proses van kommunikasie kan maklik geblokkeer word en 'n respons tot frustrasie, haat en aggressiewe gevoelens ontlok. Die blokkering vind plaas deur kontrole en strukturering, en wel in die vorm van 'n oorontwikkelde hiërargie en beheerstruktuur. De Maré (1975:155) sê dat dit baie maklik 'n misbruik van hiërargie meebring wat nie-menslike en onnadenkende ("mindless") organisasies meebring. Dwang en hiërargiese piramides is die gevolg. Hierdie onderdrukking veroorsaak haat, angs en uiteindelik depressiewe gevoelens by individue in die groep. Interaksie en kommunikasie word geblokkeer en onderdruk en die sosiale matriks funksioneer nie meer as 'n aanhoudende groeiende kommunikasienetwerk wat transformasie aanhelp en meebring nie. Selfregulering word nie meer toegelaat nie en onnadenkende, burokratiese, manipulerende organisasies wat beheer deur mag en dwang uitoefen, en individuele persoonlikhede is die gevolg. Die grootgroep het dus baie potensiaal om dialoog, laterale denke en transformasie te stimuleer of om dit teë te werk, in werklikheid te beperk en uiteindelik te verhoed (De Maré: 1985:90).

Dit is dus belangrik dat die kommunikasienetwerk of sosiale matriks die inligtingsvloei moet laat ontvou en plaasvind. Wat is faktore wat hierdie toestand verhoed om te ontvou? Dit is veral emosies wat met primitiewe funksionering

geassosieer word, naamlik primitiewe angs soos vrees vir verswelging, vervolging, vernietiging en afguns.

Earl Hopper is 'n outeur wat die ontwikkeling, onbewuste prosesse en primitiewe funksionering van groepe verder neem en eksplorieer. Hopper (1997:443) sê dat Wilfred Bion in 1961 met sy boek "*Experiences in Groups*" die baanbreker was met die verskynsel dat individue in groepsituasies regresseer en psigotiese angs ervaar waarteen hulle dan verdedig deur die skepping van komplekse interpersoonlike verdedigingsmeganismes, wat hy basiese aannames noem. Hierdie basiese aannames beïnvloed die vermoë van die groep om op 'n objektiewe en konstante wyse te bly funksioneer en dien as 'n bewys dat optimale kohesie teenwoordig is.

Hopper (1997:443) is van mening dat die drie basiese aannames van Bion, naamlik paring, veg/vlug en afhanklikheid nie die volle reeks van onbewuste basiese aannameprosesse beskryf nie. Hy gaan verder en sê dat die teenwoordigheid van die vrees vir verswelging wat die individu in die groep ervaar 'n bykomende vierde basiese aanname meebring, naamlik inkohesie wat uit aggregasie en massifikasie bestaan. Volgens Hopper (1997:448 – 457) vind die vierde basiese aanname in die kleingroep asook die grootgroep plaas. Dit vind dus ook in organisasies en sosiale sisteme plaas.

Die primêre vrees vir verswelging, sê Hopper (1997:448), is 'n respons op die ervaring van diepliggende hulpeloosheid wat deur traumatiese verlies, verwerping en skade veroorsaak word. Hy sê dat traumatiese verliese en verwerping die ervaring van diepliggende hulpeloosheid veroorsaak en tot 'n respons van die primêre vrees vir verswelging ("*annihilation*") lei. Trauma kan gebaseer wees op die ervaring van diepliggende hulpeloosheid in reaksie op situasies wat as lewensbedreigend ervaar is; die kumulatiewe opbou van klein insidente na 'n oorweldigende golf van onderdrukking; en/of katastrofiese verlies, verwerping en skade. Die diepte van die hulpeloosheid word bepaal deur die omvang van die gebeurtenis(se), die volwassenheid van die ego en die aard van die persoon se onbewuste fantasielewe op die oomblik van die

ervaring. Die analise van trauma-ervarings behoort binne die konteks van die hele traumaproces gedoen te word.

Die sekondêre vrees van verswelging ontstaan wanneer objekte van afhanklikheid faal en op fantasievlak aan aanvalle van verswelging onderwerp word. Op fantasievlak word verbeeld dat hierdie objekte weerwraak neem.

Hopper (1997:449) meen dat die primêre en sekondêre vrese van verswelging gekombineerd, as intra-psigiese splitsing en fragmentasie uitgedruk word, wat met vrees vir disintegrasie en vir ontbinding geassosieer word. Die eerste respons op die vrese wat met splitsing en fragmentasie geassosieer word, is introjektiewe splitsing en verwarring met die verlore, verworpe en beskadigde objek. Die splitsing en verwarring is egter ook met vrese, byvoorbeeld versmoring, verswelging, vergruising en om vasgevang te word, geassosieer. Afsondering in die staat van splitsing en fragmentasie ontstaan dan as beskerming teen die vrese wat met splitsing en verwarring geassosieer word.

Die verhouding tussen splitsing en fragmentasie, en splitsing en verwarring, is een van non-dialektiese ossilasie soos 'n pendulum. In dié verhouding is daar aanhoudende psigiese aktiwiteit, maar geen verandering en geen ontwikkeling vind plaas nie, wat tot psigiese paralise en 'n bedreiging vir die voortbestaan van die verhouding kan lei. Om te kan voortbestaan en psigiese paralise en bedreigings te vermy, vind enkapsulering van die algehele intra-psigiese ervaring plaas. Dit bring die ontstaan van wat Hopper (1997:449) noem outistiese eilande van ervaring, gekenmerk deur omvattende stilte en groteske interne ontwikkeling van versamelde objekte, mee. Hierdie enkapsulering van traumatiese ervarings word met twee outistiese vorms van selfbeskerming, naamlik skulping en amebevorming ("*amoeba*"), geassosieer. Skulping word deur 'n ondeurdringbare kapsel wat as 'n sterk begrensde skans dien, gekenmerk. (Dit word met aggregasie in groepe geassosieer.) Amebevorming is 'n toestand van kwesbaarheid en word deur die soeke na beskerming in samesmelting en eenwording gekenmerk. (Dit word met massifikasie in groepe geassosieer.)

Hopper (1997:451) sê dat individue wat trauma en vrees vir verswelging ervaar het en gevolglik intra-psigiese ossilasies tussen splitsing en fragmentasie geënkapsuleer het, prosesse van inkohesie in groepe toon. Hierdie individuele intra-psigiese prosesse vind beslag as inkohesie in groepe deur middel van twee tipes eksternalisering en internalisering, naamlik projektiewe en introjektiewe identifikasie.

Die inkohesie bestaan uit twee toestande, naamlik aggregasie en massifikasie. Aggregasie is 'n reaksie op splitsing en fragmentasie, en massifikasie 'n reaksie op splitsing, verwarring en aggregasie. Aggregasie vervang aggitasie en verskil van die basiese splitsing wat die veg/vlug basiese aanname kenmerk. Massifikasie vervang homogeniteit en verskil van die basiese aanname van afhanklikheid of paring.

Sosiale sisteme wat getraumatiseer is, is soos individue wat deur 'n vrees vir verswelging oorweldig word en ossileer. Hierdie sosiale sisteem ervaar dus nou inkohesie en dit ossileer tussen 'n toestand van aggregasie en massifikasie.

Die toestand van aggregasie word deur 'n minimum graad van aantrekking of betrokkenheid wat nie interafhanklike idees, norms en waardes deel nie, gekenmerk. In kontras word massifikasie deur 'n maksimum graad van gemeenskaplike aantrekkingskrag en betrokkenheid gekenmerk. In die toestand van aggregasie is daar te veel individualiteit om 'n groep te wees en in massifikasie te min. Beide is 'n sosiale sisteem sonder enige kohesie en in 'n toestand van immobilisasie.

Hopper (1997:453) beskryf die kenmerke van die vierde basiese aanname, naamlik inkohesie, in die volgende tabel:

Eienskappe van die basiese vierde aanname van inkohesie			
Kenmerke van sosiale sisteem			
Inkohesie	Interaksie	Kommunikasie: onsamehangend	Kommunikasie: denke en gevoelens
Aggregasie	Uitermatige graad van rol Differensiasie en spesifisiteit Isolasie Onbetrokkenheid	Burokrasies Onpersoonlik Uitermatige abstraksie	Geënkapsuleerd Geïnhibeerd
Massifikasie	Minimum graad van roldifferensiasie Diffuse interaksie Homogeniteit Sondebok	Kultuurspraak Persoonlik	Seremonies Groepsherdenkings, vieringe en rituele

Tabel 6.2

Die toestand van aggregasie word met baie moeilikhede en verswelgingsangs geassosieer. Pogings om dit te hanteer word deur 'n hoë vlak van roldifferensiasie en -spesifiekheid, polarisasies, subgroepe, isolasie en onbetrokkenheid gekenmerk.

In 'n poging om van die probleme van aggregasie te ontsnap, probeer persone by die perfekte groep inskakel. Hulle skep 'n illusie van 'n vlak van perfektheid en hul probeer alle foute uitskakel en alles perfek en foutloos doen. Onbewustelik is die fundamentele doelwit veiligheid in die liggaam van die groepsmoeder. Hierdie perfektheid en foutloosheid vereis dat die groepslede óf totaal ondergeskik ten opsigte van die outoriteit en wet en orde, óf totaal en perfek gelyk en absoluut homogeen is.

Die toestand van massifikasie het ook op sy beurt sy eie problematiek rondom verswelgingsangs. Massifikasie is volgens Hopper (1997:456) altyd kortstondig, verganklik en kwesbaar en hoogs afhanklik van die perfekte vervulling van die verwagtinge wat geskep word. Hoe groter die aantal lede van 'n massifikasie populasie is, hoe groter is die kans dat 'n sleutelgroep vanaf perifere groepe sal

differensieer en dat horisontale sosiale afstand in hiërargie getransformeer word. Dit is nadelig vir die bereiking van homogeniteit. Dit is moeilik om komplekse take te verrig, aangesien dit sosiale organisasie verg, asook die instandhouding van die aantrekkingskrag van die groep. Dit is onmoontlik om die verskeidenheid vaardighede en ideosinkratiese aspekte te mobiliseer.

Vir die sosiale sisteem om homself teenoor die angs te beskerm wat met massifikasie geassosieer word, beweeg dit terug na aggregasie en dan ontwikkel die oorspronklike angs en probleme weer. Getraumatiseerde sosiale sisteme ossileer tussen 'n toestand van aggregasie en massifikasie. So 'n nie-samehangende sosiale sisteem is in 'n toestand van sosiale paralise. Sosiale ontwikkeling stop dus en inkohesie verhoed die ontwikkeling, instandhouding en dus die transformasie van die groep. Inkohesie manifesteer dus in die patrone van interaksie, die vorming van norme, kommunikasie, style van denke en gevoelens, en leierskapstyle en -patrone van die groepslede (volgelingen).

Dit het duidelik geword uit die analisering oor die refleksie van die sosiale realiteit in die navorsingsfase dat sielkundiges die organisasie- en die sosiale konteks as traumaties ervaar en sekondêr getraumatiseer word deur met polisielede te werk. Daar was 'n poging in die kleingroep om die algemeen gedeelde geldigheid van die ervaring van isolasie en vervreemding te belig. Negatiewe ervarings van traumatisering (algemeen na verwys as viktimisering) is deur die organisasiesisteem veroorsaak.

As die Suid-Afrikaanse Polisiediens as organisasie in terme van die grootgroep ontleed word, toon dit prosesse van Hopper se vierde basiese aanname, naamlik inkohesie. Die grootgroep met getraumatiseerde prosesse toon geregresseerde en primitiewe funksioneringseienskappe. Dit word veroorsaak deur wat Hopper (1997:443) as 'n vrees vir verswelging beskryf.

Indien 'n analogie tussen die organisasie en wat Foulkes (1948:40) in Brown en Zinkin (1994:49) die groep-as-geheel noem, gemaak word, kan van 'n organisasie-as-geheel gepraat word. Foulkes (1975b:42) gebruik ook die term

“hospital-as-a-whole” om grootgroepprosesse in ‘n psigiatrisiese hospitaal te beskryf. Die term dui op ‘n abstraksie en nie die strukturele nie. Dit etiketteer ‘n innerlike realiteit wat uiterlike realiteit beskryf en is die individuele lede se onbewuste projeksies van die organisasie. Die organisasie-as-geheel is dus ‘n lewende organisme, wat gemoedstemmings, reaksies, atmosfeer, gees en ‘n klimaat het. Sodoende word Foulkes se idee van die diepte en sentraliteit van sosiale kragte in individue beklemtoon. Indien die organisasie-as-geheel die fondasie matriks waar individuele en groepsprosesse manifesteer, uitmaak en die organisasie-as-geheel getraumatiseer, ongeïntegreerd, angstig en geregreseerd is, wat is die implikasies hiervan?

Die Suid-Afrikaanse Polisie diens as organisasie kan beskryf word as in ‘n staat van inkohesie en toon eienskappe van die aggregasie- en massifikasietoestande. Hierdie inkohesie in die organisasie dra by tot die ervaring van psigiese uitbranding by sielkundiges.

Die aggregasietoestand bring ‘n hoë vlak van fokus op rolle en subgroepe in die organisasie mee. Die druk en fokus hiervan op die sielkundige se professionele rol is intens en veeleisend. Bewustheid van die rol, maar ook die gebrek aan ondersteuning, begrip en erkenning vir die rol, staan uit. Daarom is dit veeleisend om werk buite die rol en eie kundigheidsvlak te doen, aangesien die grootgroep die bepaalde rolfunksie uitermatig in die aggregasietoestand beklemtoon. Sielkundiges ervaar in werklikheid die rol as gedwonge. Die ervaring van frustrasie, isolasie en magteloosheid deur sielkundiges in die organisasie, asook toenemende onttrekking van die professionele rol wat Hopper (1997:455) *“non engagement”* noem, is ook teenwoordig.

Die gevoel van geslotenheid vanaf die organisasie vir hul behoeftes word ervaar en die kommunikasie is ingeperk en burokraties (dus vol rompslomp en vertragings) en in baie gevalle gevries, dat dit dus tot so ‘n mate afgeneem het dat dit glad nie meer funksioneer nie. Hierdie toestand van inkohesie skakel nou saam met wat De Maré (1975:153) beskryf, naamlik dat die primitiewe angste nie effektief hanteer word nie en tot outoritêre, hiërargiese strukture aanleiding gee.

Die organisasie raak dus toenemend outoritêr en rigied. Dit word beklemtoon deur die feit dat sielkundiges hul posisie en rol as een wat geen verskil maak en sonder mag is, ervaar.

Die aggregasietoestand se klem op reëls, struktuur, rolle en outoriteit hou die primitiewe gevoelens van verswelging en vervolgingsang wat die traumatisering meebring, onbewus vir die grootgroep. Dit verklaar ook die ervaring van sielkundiges dat hulle 'n deurlopende, goeie diens moet verskaf (dus naby aan perfek). Hopper (1997:455) sê dat in 'n poging om van die aggregasietoestand te ontsnap, die grootgroep in werklikheid 'n perfekte groep wil wees wat foutlose groepslede het. Dit blyk dus dat die pynlike en seer gevoelens, geassosieer met traumatisering, te bedreigend vir die grootgroep, of dan die organisasie-as geheel, is. Die intensiteit van dié bedreiging word ook deur die rigiede en onsensitiewe aard van die outoriteit onderstreep. Die outoriteit moet dus rigied wees om die aggregasietoestand en meegaande repressie en splitsing in stand te hou en sodoende die bedreigings van verswelging en vervolging onbewus te hou.

Daar kan nou geredeneer word dat paranoïede projeksies plaasvind omdat groepslede nie verantwoordelikheid vir gevoelens, gedagtes en optredes aanvaar nie. Projektiewe identifikasie, splitsing, idealisering, deëvaluering en fragmentasie is as verdedigings teenwoordig. Die organisasie se goeie eienskappe word byvoorbeeld gedevalueer en dit word as 'n slegte objek beskou wat niks reg kan doen nie en voortdurend gekritiseer word. Ashbach en Schermer (1987:168) sê dat hierdie verdedigings die groep daarvan weerhou om situasies realisties te beskou. Objekte word as deel-objekte en nie as heel-objekte waargeneem.

Die toestand van massifikasie manifesteer as volg: die sielkundiges, weens hul spesifieke rol en funksie, naamlik verantwoordelikheid vir geestesgesondheid en om ongemak te verlig, het 'n bepaalde posisie in dié getraumatiseerde konteks.

Indien bogenoemde nou vertolk word, kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die spieëling wat die sielkundige vanaf só 'n organisasie-as-geheel ontvang, 'n splitsing tipe reaksie is, naamlik dat die sielkundige nie goed genoeg is nie en nie doen wat van hom verwag word nie. Die roldifferensiasie word minder en die vraag ontstaan in die organisasie-as-geheel hoekom sielkundiges met hul spesifieke funksies nodig is in 'n polisie diens wat misdaad bekamp. Samesmelting en nouer betrokkenheid in die organisasie-as-geheel vind plaas en die sielkundiges beleef hulself as randfigure. Aspekte wat in die sielkundiges geprojekteer word, byvoorbeeld as 'n personeelid selfmoord pleeg, is dit die sielkundiges se skuld, aangesien hulle verantwoordelik is vir die geestesgesondheid van lede. Sodoende word die organisasie en die bestuur se eie verantwoordelikheid ontken. Die sielkundiges word aan die spesifieke funksie wat verrig moet word, gelykgestel en die sielkundiges se wyer professionele impak en vermoëns word gereduseer en in werklikheid ontken.

Die meganisme om sondebokke te identifiseer is 'n groepsverskynsel. Die sielkundige se sondebokrol ("*scapegoat*") is dat hulle nie genoeg hulp en bystand verleen nie en nie vertrou kan word nie; gevolglik ervaar die sielkundiges die organisasie as vyandig en ongevoelig en dat geen hulp, leiding en positiewe terugvoer ook vir hul bestaan nie. Hopper (1997:451) se term van sosiale onbeweeglikheid is hier van toepassing.

Die organisasie word toenemend rigied en 'n onvermoë om hieruit te beweeg en geïntegreerd en realisties aspekte te beoordeel, tree in. Hierdie onempatiëse spieëling tussen die self en die organisasie-as-geheel, dra by tot die ervaring dat sielkundiges nie goed genoeg is nie en hul uiteindelik oorweldig en uitgeput voel. Sielkundiges voel dat hulle nie aanvaar word nie en vertrou nie meer die organisasie nie. Die splitsing word ook deur sielkundiges voortgesit deurdat die organisasie die simbool van 'n bestawwende en verwerpende ouer word. Die sielkundige se professionele rol en uiteindelik professionele identiteit en die self word ook in genoemde proses geëvalueer.

'n Bykomende aspek van die sondebokrol is dat sielkundiges die objek van

projeksie van die destruktiewe, pynvolle en verswelgingsangs word. Dit bring 'n splitsing tipe verdediging mee wat die sielkundige die draer van die slegte maak en die groep is dan goed. Sodoende kan die organisasie-as-geheel sonder die voortdurende indringing van dié primitiewe angs funksioneer en in werklikheid bly voortbestaan. Die rigiede aard van dié tipe proses vererger die sielkundiges se ervaring hiervan deurdat hulle magteloos en uitgelewer aan die destruktiewe kragte voel.

Hierdie sondebokmaking blyk deel te wees van 'n getraumatiseerde en transisionele konteks en sondebokmaking is 'n verskynsel wat algemeen in die Suid-Afrikaanse Polisie diens voorkom. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer polisiebeamptes die wet oortree deur byvoorbeeld verdagtes aan te rand, word hul dan departementeel aangekla en as onbevoeg en probleemgevalle geëtiketteer. Die organisasie ontken so hul eie rol en verantwoordelikheid vir die groepslede en kan die slegte na hierdie groepslede deur sondebokmaking projekteer.

Nitsun (1991:7) meen dat hierdie primitiewe funksionering in groepe anti-groep verskynsels meebring. Hy beskryf anti-groep tendense as die destruktiewe aspekte van 'n groep wat as 'n samestelling van houdings en impulse, bewus en onbewus op verskillende wyses manifesteer. Die anti-groep verskynsels word versterk deurdat hierdie primitief funksionerende organisasie-as-geheel tot intense angstige gevoelens by die individuele sielkundige bydra. Nitsun (1991:8) sê dat dit 'n frustrerende, pynlike en skrikwekkende ervaring kan word om deel te wees van so 'n groep. Die verskil tussen die ideale en die werklikheid gee aanleiding tot 'n vorm van splitsing en die groep word met sleg geassosieer en word die slegte objek. Dit bring frustrasies, primitiewe vyandigheid en woede mee wat op die groep as anti-groep aanvalle en -prosesse gerig word. Sodoende word die reeds gefragmenteerde organisasie-as-geheel (grootgroep) verder gefragmenteerd en as onbetroubaar beleef. 'n Anti-groep kultuur dra by tot skadelike spieëling vir die sielkundige.

Nitsun (1991:11-12) meen dat die groep alleenlik die anti-groep verskynsels kan

oorleef as daar genoeg goeie aspekte op die groep geprojekteer word. Hy meen dat die twee kragte baie naby aan mekaar is en dat die voortbestaan en vernietiging van groepe dus naby mekaar is. Die groep moet aspekte van Melanie Klein se depressiewe posisie introjekteer waar minder splitsing teenwoordig is en waar ambivalensie gekonfronteer, maar ook verduur moet word indien die groep wil voortbestaan. 'n Traumatisiese konteks bring dus ook anti-groep tendense in die organisasie-as-geheel se prosesse mee. Hierdie verskynsels veroorsaak dat die organisasie as 'n slegte objek ervaar word wat ook skadelike spieëling vir die individuele sielkundige meebring. Hierdie spieëling dra by tot gevoelens wat ooreenstem met Sullivan se slegte-ek wat uiteindelik tot nie-ek ervarings lei wat psigiese uitbranding meebring (Van Den Berg: 1972:304). 'n Goeie objek in 'n groep of organisasie en genoeg goeie inhoud in die groep, sal die anti-groep en skadelike spieëling ("*maligne mirroring*") teëwerk en dus die risiko van psigiese uitbranding verminder.

Die paranoïed-skisoïede splitsing van goed en sleg en die idealisering van die grootgroep (organisasie) self as net goed, is 'n manier wat die organisasie-as-geheel homself en sy eie interne objekte teen aanvalle van eksterne objekte buite die grootgroep beskerm. Hierdie eksterne objekte hang veral nou saam met die rol wat die polisie in die breë samelewing en sosiale konteks speel. In die transformasieproses van die Suid-Afrikaanse samelewing (wat ook as 'n geheel getraumatiseer is) as grootgroep, is die polisie die simbool en gefantaseerde, goeie onipotente ouer wat moet beskerm en gevoelens van veiligheid en sekuriteit moet verskaf, maar ook die bestawwende ouer wat straf inisieer (Bonifacio: 1988:94).

Die polisie word ook die geprojekteerde objek en draer van die slegte. Die organisasie word 'n deel-objek deurdat die publiek die slegte na die polisiebeampte en die totale organisasie projekteer en die totale samelewing as grootgroep is dan goed en die polisie sleg. Die fantasie is teenwoordig dat die polisie al die destruktiewe aspekte sal hanteer. Indien dit nie gebeur nie word die polisie in hierdie geval die sondebok wat misluk en niks reg kan doen nie. Die polisie departement leef 'n projektiewe identifikasie vanaf die gemeenskap

uit, naamlik dat die polisie departement en sy polisiebeamptes die omnipotent alomteenwoordige ouer is wat jou gaan red. Die gemeenskap verwag van die polisie departement om 'n redder te wees soos "n ridder op 'n wit perd" terwyl hulle hulpeloos is en geen poging hoef aan te wend nie. Die polisie moet dus aggressief wees en die gemeenskap nie.

Die aggressie maak deel uit van die projektiewe identifikasie vanaf die gemeenskap. Die polisie identifiseer met die aggressie en tree dan aggressief op. Die gemeenskap wat sy eie aggressie projekteer, verontskuldig hulself en reageer met ontkenning en skok as polisiebeamptes aggressief optree. Die gemeenskap ontken gevolglik sy eie aandeel en aggressiewe bydrae tot die insident. Dit word duidelik deur 'n insident van 'n "BBC" televisieprogram geïllustreer waar lede van 'n spesialis eenheid in die Suid-Afrikaanse Polisie diens verdagtes aangerand het. Dit is wêreldwyd op televisienetwerke in April 1999 (net voor die navorsing plaasgevind het) gebeeldsend en het wye reaksie ontlok. Die gemeenskap het geskok gereageer en gesê dat die polisie buite beheer is en dat sulke gedrag ontoelaatbaar is en dat die nodige strafmaatreëls teenoor die polisiebeamptes ingestel moes word. Die geskrewe pers en die elektroniese media in Suid-Afrika het veral 'n groot rol hier gespeel.

Opsommend kan dit dus gestel word dat psigiese uitbranding by individuele sielkundiges kommentaar oor die prosesse van die organisasie-as-geheel lewer. Die organisasie-as-geheel verskaf 'n konsep wat die fondasie matriks beskryf en waar individuele en groepsproesse manifesteer. Die organisasie is inderdaad 'n groep met gemoedstemmings, reaksies, atmosfeer, gees en 'n klimaat. Die beleving van psigiese uitbranding is die ervaring van inkohesie en psigiese uitbranding kan as 'n reaksie op 'n groter sosiale konteks beskryf word. Hierdie sosiale konteks is getraumatiseer en in transisie. Die huidige sosiale paralise, soos in die integrasiegedeelte van die hoofstuk beskryf is, beperk sosiale ontwikkeling, dialoog, kommunikasie en transformasie.

Die "nuwe" Suid-Afrika wat transformasie voorstaan, het in werklikheid 'n onnadenkende toestand meegebring met emosies wat so oorweldigend en

primitief is dat dit onbeheerbaar, ondraaglik en 'n slegte ervaring is. De Maré (1985:88) sê die volgende: *“The main resistance against dialogue is the privatization and disinclination to confront one’s own primitive conscience, out there in the large group; a preference for letting sleeping dogs lie. Alas! The mythical monsters keep reappearing in the return of the repressed. A large group behaves like a bad dream, but unlike it can be discussed whilst it is actually in progress.”*

De Maré (1985:89) sê dat slegte tye juis deur 'n gebrek aan kommunikasie en dialoog gekenmerk word en maak die opmerking dat *“How can I know what I mean unless we talk about it.”*

6.4 Relevansie van die navorsingsresultate vir die Suid-Afrikaanse Polisieagents

Indien die relevansie van die navorsingsresultate vir die organisasie in oënskou geneem word, is dit belangrik om die eksploratiewe aard van die studie in gedagte te hou. Tesame hiermee is die kwalitatiewe aard uniek en is dit die eerste studie wat fokus op psigiese uitbranding by sielkundiges in die Suid-Afrikaanse Polisieagents. Daar kan dus geensins verwag word om alle vrae te beantwoord of al die oplossings te bied nie.

Die navorsingsmetodologie en groeuanalise as teoretiese raamwerk het wel die geleentheid om die wederkerigheid en multidimensionaliteit van psigiese uitbranding weer te gee, gebied. Geïntegreerdheid is dus belangrik. 'n Bespreking oor die relevansie van die studie moet dus die individuele vlak, die kleingroep en die grootgroep insluit. Wat duidelik is, is dat psigiese uitbranding nie op individuele vlak, met die fokus op individuele prosesse, effektief aangespreek kan word nie. Die volgende kan as riglyne in die hantering van die “totale verskynsel” gebruik word:

- Sielkundiges moet die geleentheid gebied word om die komplekse aard van die ervaring van psigiese uitbranding in hul werkskonteks te eksplorieer. Die

individuele sielkundige moet die impak van die organisasie op homself erken en veral daarop let dat dit nie die vorm van 'n primêre bron van erkenning en aanvaarding nie (dus 'n liefdevolle of bestawwende ouer) in sy eie individuele psige aanneem nie. Sielkundiges moet hul eie funksionering in terme van die organisasie se funksionering vertolk en die destruktiewe aard van hierdie funksionering begryp. Die sielkundige moet beheer van sy reaksies neem en die organisasie realisties beskou. Voortdurende reflektoring oor die effek van die kontak met getraumatiseerde persone, asook psigoterapeutiese funksies moet plaasvind. So 'n proses sal in 'n individuele supervisiekonteks, maar ook in groepsverband kan geskied. 'n Besprekingsgroep formaat kan gevolg word waar reflektoring oor kontak met pasiënte en psigoterapeutiese realiteite aangespreek word.

- Die kleingroep kan veral as 'n medium dien waar groepanalise se groepsterapeutiese raamwerk gebruik kan word. Die fokus moet nie op 'n eenmalige werkwinkelformaat wees nie, maar eerder 'n deurlopende en voortgesette kleingroep wees. Dit kan ook 'n oopgroep formaat ter wille van die praktiese werkbaarheid wees. Die groepsterapeut moet verkieslik ook nie 'n personeellid in die Suid-Afrikaanse Polisie diens wees nie omdat dit baie maklik die rolle en funksies kan verwar en kompliseer. Die subjekte wat deelgeneem het aan die navorsing se werkwinkel was almal van die Afrikaanssprekende kultuurgroep. Ander taal- en kultuurgroepe moet ingesluit word om die sosiale werklikheid te verteenwoordig, maar ook om begrip en dialoog te verbeter. Die kleingroep as groepsterapeutiese medium kan so as 'n werkbare voertuig dien om sekere groepsprosesse, soos oedipale inhoude en gesinskonstellasies, weerspieëling te laat vind. Die fokus hier is veral op onderliggende en verborge inhoude en prosesse.
- Die grootgroep is 'n belangrike medium om psigiese uitbranding aan te spreek. Hier is die organisasie-as-geheel realiteit veral op die voorgrond waar die sosiale matriks met bepaalde gemoedstemmings, reaksies, prosesse, atmosfeer en klimaat soos in die integrasie gedeelte beskryf is, aangespreek moet word. Hopper (1997:457) sê dat dit baie moeiliker is om

onderliggende ang en gevoelens in die grootgroep en komplekse sosiale sisteme as in 'n kleingroep te fasiliteer. Die konsep van sosiale psigoterapie kom hier ter sprake. De Maré noem dit sosiale insig en sosioterapie en Elias noem dit sosiale psigiatrie.

Foulkes is egter weer eens 'n outeur wat die praktiese implementering van die gebruik van die grootgroep as terapeutiese instrument beskryf. Hy gebruik die term 'sosiale terapie' en beskryf die probleemgesentreerde grootgroep wat in organisasies gebruik kan word. Die fokus is volgens Foulkes (1975b:41) nie op 'n "siekte" nie, maar op die aanspreek van kommunikasie en interverhoudings. Die primêre fokus hier is op verbale kommunikasie en nie soseer op verborge inhoude nie. Die goue reël is volgens Foulkes om by die bepaalde probleem wat die groep het, te bly en analise moet alleenlik in die konteks plaasvind. Die grootgroep moet aangemoedig word om oor probleme te dink en werkbare oplossings te vind en veral geïntegreerde kommunikasie moet in die organisasie bereik word. Die hiërargie en outoritêre piramides moet aangespreek word.

Grootgroep intervensies moet dus in die Suid-Afrikaanse Polisie diens geïmplementeer word. 'n Beginpunt sal wees om funksionele polisiebeamptes, professionele beroepsgroepe (byvoorbeeld sielkundiges, maatskaplike werkers, regsbeamptes), junior personeel, sowel as lede van die topstruktuur in 'n ongestruktureerde grootgroep te plaas. Weer eens moet dit alle rasse, geslagte en taal- en kultuurgroepe insluit. So 'n groep kan uit twintig of meer lede bestaan. 'n Fasiliteerder wat nie aan die organisasie verbonde is nie, moet gebruik word om rolle en outoritêre verwarring uit te skakel. Foulkes (1975b:41) sê die grootgroep kan ook as basis dien om kleingroepe en die individu positief te beïnvloed.

So 'n proses sal uit die aard van die saak baie kompleks en die inhoude baie bedreigend wees en risiko's inhou. Dit sal egter die begin wees om die prosesse aan te spreek – nie deur oplossings te probeer formuleer nie, maar eerder dialoog en uitruiling te bewerkstellig. Dit is egter belangrik om die

moontlike valstrikke en moeilikhede wat in die kleingroep en grootgroep kan ontstaan, te bespreek.

Daar sou verwag kon word dat primitiewe funksionering in bogenoemde groepe sal manifesteer soos onder 6.3 bespreek is. Primitiewe angssal in die kleingroep manifesteer en as primitiewe prosesse in die groep figureer. Vervolgingsangss, vervreemdingsangss en afguns sal teenwoordig wees. Primitiewe verdedigings, soos byvoorbeeld paranoïede projeksies, splitsing en deëvaluering sal aan die orde van die dag wees. Die groep sal die groepsleier uitdaag en byvoorbeeld sy bekwaamheid, asook bedoelings bevraagteken. Sondebokke sal geïdentifiseer word wat veral buite die groep geleë is, byvoorbeeld Hoofkantoor, die bestuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en gebrek aan logistieke hulpmiddels. Objekte sal as deel-objekte waargeneem word, byvoorbeeld die organisasie is alleenlik sleg en gee glad nie genoeg hulp en ondersteuning nie.

Dit is veral belangrik vir die groepsleier om die groep deur die fase na 'n groep-as-geheel wat minder gefragmenteerd en ekstern gerig is, te laat beweeg. Die lede moet die groepslewe op 'n meer persoonlike vlak en met eie intense emosies ervaar. Inhoude van die depressiewe posisie, in plaas van die paranoïed-skisoïede posisie, moet geïntrojekteer word. Die groepsleier moet sorg dra dat ambivalensie gekonfronteer word, in plaas daarvan om dit op 'n primitiewe wyse te hanteer.

In die grootgroep sal primitiewe funksionering ook geld en Hinshelwood (1987:138) waarsku net soos De Maré (1975:153) dat die grootte en mag van die grootgroep die individu oorweldig. Die individuele reaksie is vrees en intimidasie. Primitiewe verswelgingsangss sal in 'n grootgroep teenwoordig wees en tesame met die toestand van inkohesie sal die grootgroep wens om in kleiner groepe, wat ook die roldifferensiasie beklemtoon, te verdeel. Dit is 'n poging om die vyandigheid te verminder. Die gevolg is dat al die verskille en gevare van verswelging wat in die "denkbeeldige" grootgroep was, agterbly of na een van die ander kleingroepe wat ontstaan het, verplaas is. Vyandigheid word elders

geprojekteer. Hiërargiese outoritêre piramides kan ontstaan waar individue met senior polisieerange die groep oorneem en as die enigste toelaatbare en kundige bronne van kommunikasie funksioneer.

'n Verdere valstrik waarop die groepleier moet let, is dat die grootgroep in die toestand van massifikasie reageer asof daar geen differensiasie bestaan nie en 'n totale homogene, uniforme polisiediens bestaan. Die ingeperkte vloei van kommunikasie en die verskille en gevoelens van vrees en verswelging word deur hierdie smelting ("*fusion*") ontken.

Dit is belangrik dat die groepsleier in die grootgroep die fragmentasie en smelting moet teëwerk deur die kommunikasie in die grootgroep werkbaar, oop en duidelik te hou. Sorg moet ook gedra word dat die groep nie disintegreer nie, maar bly voortbestaan. Ontwikkeling en transformasie moet die fokus en uiteindelijke doelwit bly.

6.5 Kommentaar oor die studie

Die navorser is van mening dat die studie daarin kon slaag om met 'n eksploratiewe ingesteldheid 'n begin te maak om 'n alternatiewe siening en beskrywing van psigiese uitbranding te verskaf. Die eksistensiële-fenomenologiese metode, tesame met groeepanalise, het 'n raamwerk verskaf waar daar eerstens wegbeweeg kon word van vorige beskrywings en sienings en op die verskynsel kon fokus soos wat dit homself bekend maak. Die groepswerkwinkelmetode, wat eerstens 'n ervaringskomponent het en opgevolg is deur die navorsing en reflekeringsmomente, het homself as datagenererende medium suksesvol bewys. Dit wys ook dat nie net onbewuste groeepanaliseprosesse geanaliseer en nagevors kan word nie, maar groeepanalise ook gebruik kan word om bewuste prosesse, soos byvoorbeeld bepaalde reflekeringsmomente oor verskynsels, na te vors. Die kombinasie met die eksistensiële-fenomenologiese ontledingsmetodologie is veral effektief hiervoor. Dit dui aan dat ander navorsingsonderwerpe op die wyse uitgevoer kan

word.

'n Alternatiewe data-ontledingsmetode in die wetenskaplike fase is vir die studie ontwikkel. Dit kombineer individuele protokol-ontleding met 'n "*clustering process*" en 'n sig-sag ("*zig-zag*") metode wat heen en weer tussen temas beweeg om sodoende 'n akkurate refleksie te verkry. Dit het meegebring dat daar van die groepsvlakvertellings (in die datagenererende moment) gebruik gemaak kon word en dat die navorser in staat gestel is om die rykheid van die individueel, maar ook groepsvlakrealiteit te ondervang.

Die voordele en wins hiervan is veral dat groepsprosesse, -inhoud en -realiteite nagevors en ontgin kan word wat verskeie ander verskynsels ook met nuwe en alternatiewe beskouings en beskrywings sal kan belig. Groeepanalise as navorsingsmetode behels vrye gesprekvoering en sluit verskeie kommunikasievlakke in. Dit kon die ongestruktureerdheid en vaagheid van psigiese uitbranding "verduur" en "behouer" ("*contain*") om sodoende die proses en inhoud van die groepsverskynsels, asook sosiale realiteit waarbinne en waarteen psigiese uitbranding manifesteer, te belig.

Feitlik al die literatuur het op die leemte van integrasie gewys. Die navorser meen dat groeepanalise as raamwerk daarin kon slaag om individuele, groeps- en kollektiewe inhoud tesame met organisasie en sosiale realiteite te integreer om die ervaring van psigiese uitbranding te beskryf. Groepslidmaatskap is inderdaad 'n belangrike en integrale deel van die sosiale en interaktiewe realiteit. Psigiese uitbranding vind dus nie in 'n vakuum plaas nie.

'n Uitgangspunt van die eksistensiële-fenomenologiese raamwerk is dat die navorser nooit volkome objektief is nie, maar wel intens bewus van die rol en invloed van sy eie subjektiwiteit moet wees. Wat hierdie aspek nog meer met hierdie navorsing beklemtoon en intensifiseer, is dat die navorser self 'n sielkundige in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie is. Dit was dus deurlopend belangrik dat die navorser van sy betrokkenheid by die onderwerp en die organisasie bewus bly en nie sy eie ervarings en interpretasies laat geld

nie. Die wyse waarop dit gedoen is, was om deurlopend so na as moontlik aan die teks te bly. Subjektiviteit is altyd teenwoordig en die navorser was soms intens betrokke by die data. Dit het wel by tye gebeur dat die navorser se skryfstyl deur eie emosies ingekleur is en dit is deur die promotor uitgewys. Dit verskaf 'n aanduiding van hoe intens, maar ook onbewus die ervarings in die organisasiesisteem is. Die belangrikheid van 'n buitestaander wat onbetrokke is en die subjektiviteit tot die minimum beperk, word aangedui. Dit kon selfs nuttig gewees het om die uiteindelijke resultate weer aan die respondente (in individuele of groepsverband) te toets. Op dié wyse kon die navorsingsmateriaal nog verder gevalideer word. Daar word uiteindelik gehoop dat die navorser die resultate getrou en eerlik weergegee het. Daar word ook beplan om die navorsingsresultate weer na die Suid-Afrikaanse Polisie konteks terug te neem soos onder 6.4 bespreek is.